REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Vol. 406 CAPE TOWN, 28 APRIL 1999 KAAPSTAD, 28 APRIL 1999 No. 19974

## OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 506. 28 April 1999

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 25 of 1999: National Heritage Resources Act, 1999.

## KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 506. 28 April 1999

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 25 van 1999: Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 406 CAPE TOWN, 28 APRIL 1999 KAAPSTAD, 28 APRIL 1999 No. 19974

## OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 506. 28 April 1999

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 25 of 1999: National Heritage Resources Act, 1999.

## KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 506. 28 April 1999

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 25 van 1999: Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 14 April 1999.)*

# WET

**Om 'n geïntegreerde en interaktiewe stelsel vir die bestuur van die nasionale erfenishulpbronne te vestig; om goeie regering op alle vlakke te bevorder, en die burgerlike samelewing te bemagtig om hulle erfenishulpbronne te koester en te bewaar sodat dit aan toekomstige geslagte nagelaat kan word; om algemene beginsels te bepaal vir die beheer van erfenishulpbronbestuur dwarsdeur die Republiek; om 'n geïntegreerde stelsel vir die identifisering, evaluering en bestuur van die erfenishulpbronne van Suid-Afrika in te stel; om die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap tesame met sy Raad in te stel om die bestuur van erfenishulpbronne op nasionale vlak te koördineer en te bevorder; om essensiële nasionale norme te onderhou en norme en standaarde vir die bestuur van erfenishulpbronne in die Republiek te stel en om erfenishulpbronne van nasionale betekenis te beskerm; om die uitvoer van nasionaal betekenisvolle erfenisvoorwerpe en die invoer in die Republiek van kulturele eiendom wat onwettig uit ander lande uitgevoer word, te beheer; om die provinsies in staat te stel om erfenisowerhede in te stel, wat bevoegdhede moet aanneem om sekere kategorieë erfenishulpbronne te beskerm en te bestuur; om voorsiening te maak vir die beskerming en bestuur van bewarenswaardige plekke en gebiede deur plaaslike owerhede; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

## AANHEF

Hierdie wetgewing is daarop gemik om die goeie bestuur van die nasionale besit te bevorder, en om gemeenskappe in staat te stel en hulle aan te moedig om hulle erfenis te koester en te bewaar sodat dit aan toekomstige geslagte nagelaat kan word. Ons erfenis is uniek en kosbaar en kan nie hernu word nie. Dit help ons om ons kulturele identiteit te definieer en vorm dus die grondslag van ons geestelike welsyn en het die krag om ons nasie te bou. Dit het die potensiaal om ons uiteenlopende kulture te bevestig en daardeur ons nasionale karakter te vorm.

Ons erfenis gedenk ons prestasies en dra daartoe by om onbillikhede van die verlede reg te stel. Dit voed op, dit verdiep ons begrip van die samelewing en moedig ons aan om empatie te toon vir die ervarings van andere. Dit fasiliteer genesing en materiële en simboliese herstel en dit bevorder nuwe en voorheen verwaarloosde navorsing oor ons ryk mondelinge tradisies en gebruike.

## INHOUDSOPGAWE

1. Toepassing en uitleg
2. Woordomskrywing

## HOOFSTUK I

## STELSEL VIR BESTUUR VAN NASIONALE ERFENISHULPBRONNE

*Deel 1: Algemene Beginsels*

3. Nasionale besit
4. Toepassing

44. Aanbieding van beskermde hulpbronne
45. Bevel vir verpligte herstel
46. Onteiening
47. Algemene beleid

## HOOFSTUK III

## ALGEMENE BEPALINGS

*Deel 1: Afdwinging, appèlle, misdrywe en strawwe*

48. Permitte
49. Appèlle
50. Aanstelling en bevoegdhede van erfenisinspekteurs
51. Misdrywe en strawwe

*Deel 2: Diverse*

52. Kennisgewings
53. Delegasie van bevoegdhede deur Minister of LUR
54. Verordeninge van plaaslike owerhede
55. Beperking van aanspreeklikheid
56. Uitoefening van bevoegdhede buite Republiek
57. Toepaslikheid van provinsiale wetgewing
58. Oorgangsbepalings en gevolglike wysigings
59. Regulasies
60. Herroeping
61. Kort titel en inwerkingtreding

## BYLAE

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

**Toepassing en uitleg**

1. Hierdie Wet bind die Staat.

**Woordomskrywing**

2. In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "aanbieding" ook—

*(a)* die uitstalling of vertoning van;

*(b)* die verskaffing van toegang en leiding tot;

*(c)* die verskaffing, publisering of vertoning van inligting met betrekking tot; en

*(d)* opvoerings of mondelinge aanbiedings met betrekking tot,

erfenishulpbronne wat ingevolge hierdie Wet beskerm word; (xxxvi)

(ii) "argeologies"—

*(a)* materiële oorblyfsels voortspruitend uit menslike bedrywigheid wat in 'n toestand van onbruik is en in of op grond is en ouer as 100 jaar is, insluitende artefakte, menslike en hominiede oorblyfsels en kunsmatige verskynsels en strukture;

*(b)* rotskuns, synde enige vorm van skilderwerk, gravering of ander grafiese voorstelling op 'n vaste rotsoppervlak of los rots of klip, wat uitgevoer is deur menslike bedrywigheid en wat ouer as 100 jaar is, insluitende enige gebied binne 10 m van sodanige voorstelling;

*(c)* wrakke, synde enige vaartuig of lugvaartuig, of enige deel daarvan, wat in Suid-Afrika skipbreuk gely of neergestort het, hetsy op land, in die binnewaters, die territoriale waters of in die maritieme kulturele sone van die Republiek, soos omskryf in onderskeidelik artikels 3, 4 en 6 van die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet No. 15 van 1994), en enige vrag, puin of artefakte wat daarby gevind of daarmee geassosieer is, wat ouer as 60 jaar is of wat SAEHA as bewarenswaardig beskou; en

5. Algemene beginsels vir bestuur van erfenishulpbronne
6. Beginsels vir bestuur van erfenishulpbronne
7. Maatstawwe vir evaluering en gradering van erfenis
8. Verantwoordelikhede en bevoegdheid van erfenishulpbronowerhede en plaaslike owerhede vir identifisering en bestuur van nasionale besit
9. Regte, pligte en uitsonderings van Staat en ondersteunde liggame
10. Algemene beginsels van prosedure

*Deel 2: Samestelling, funksies, bevoegdhede en pligte van erfenisowerhede*

11. Instelling van SAEHA
12. Oogmerk van SAEHA
13. Funksies, bevoegdhede en pligte van SAEHA
14. Instelling en samestelling van SAEHA-Raad
15. Voorsitter van Raad
16. Funksies van Raad
17. Vergaderings van Raad
18. Komitees van Raad
19. Terugbetaling aan lede van Raad en komitees van uitgawes aangegaan
20. Werknemers van Raad
21. Fondse en eiendom
22. Verslae
23. Instelling van provinsiale erfenishulpbronowerhede
24. Funksies, bevoegdhede en pligte van provinsiale erfenishulpbronowerheid
25. Algemene bevoegdhede en pligte van erfenishulpbronowerhede
26. Delegasie van funksies of bevoegdhede van erfenishulpbronowerhede

## HOOFSTUK II

## BESKERMING EN BESTUUR VAN ERFENISHULPBRONNE

*Deel 1: Formele Beskermings*

27. Nasionale erfenisterreine en provinsiale erfenisterreine
28. Beskermde gebiede
29. Voorlopige beskerming
30. Erfenisregisters
31. Erfenisgebiede
32. Erfenisvoorwerpe

*Deel 2: Algemene Beskermings*

33. Invoer van voorwerpe beskerm ingevolge wette van ander state
34. Strukture
35. Argeologie, paleontologie en meteoriete
36. Begrafnisterreine en grafte
37. Openbare monumente en gedenktekens
38. Bestuur van erfenishulpbronne

*Deel 3: Bestuur*

39. Inventaris van nasionale besit
40. Bystandsprogram vir nasionale erfenishulpbronne
41. Restitusie van erfenisvoorwerpe
42. Erfenisooreenkomste
43. Aansporings

(d) eienskappe, strukture en artefakte geassosieer met militêre geskiedenis, wat ouer as 75 jaar is en die persele waarop dit gevind is; (ii)

(iii) "beplanning" stedelike en streekbeplanning soos beoog in die Wet op Fisiese Beplanning, 1991 (Wet No. 125 van 1991), en wetgewing oor provinsiale dorpsbeplanning en grondgebruiksbeplanning; (xxxiii)

(iv) "beplanningsowerheid" 'n kantoor van die Staat, insluitende 'n provinsie, 'n plaaslike owerheid of 'n streekowerheid, wat oor 'n fisiese beplanningsvermoë beskik; (xxxiv)

(v) "bestuur", met betrekking tot erfenishulpbronne, ook die bewaring, aanbieding en verbetering van 'n plek wat ingevolge hierdie Wet beskerm word; (xxiii)

(vi) "bewaring", met betrekking tot erfenishulpbronne, ook beskerming, instandhouding, preservering en volhoubare gebruik van plekke of voorwerpe ten einde die kulturele betekenis daarvan te beskerm; (iii)

(vii) "buitelandse kulturele eiendom", met betrekking tot 'n wederkerende staat, enige voorwerp wat spesifiek deur daardie staat aangewys is as van belang vir die argeologie, geskiedenis, letterkunde, kuns of wetenskap; (xi)

(viii) "Departement" die nasionale departement verantwoordelik vir kuns en kultuur en erfenis; (vii)

(ix) "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal van die Departement; (ix)

(x) "eienaar" ook die eienaar se gemagtigde agent en enige persoon met 'n saaklike belang by die eiendom en—

(a) in die geval van 'n plek in die besit van die Staat of Staatsondersteunde inrigtings, die Minister of enige ander persoon of liggaam van persone verantwoordelik vir die versorging, bestuur of beheer van daardie plek;

(b) in die geval van stamtrustgrond, die erkende tradisionele owerheid; (xxx)

(xi) "erfenishulpbron" enige plek of voorwerp van kulturele betekenis; (xvi)

(xii) "erfenishulpbronowerheid" die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap ingestel by artikel 11 of, in soverre hierdie Wet in of ten opsigte van 'n provinsie van toepassing is, 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid; (xvii)

(xiii) "erfenisooreenkoms" 'n ooreenkoms in artikel 42 bedoel; (xiv)

(xiv) "erfenisregister" 'n lys van erfenishulpbronne in 'n provinsie; (xv)

(xv) "erfenisterrein" 'n plek wat deur SAEHA tot 'n nasionale erfenisterrein verklaar is of 'n plek wat deur 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid tot 'n provinsiale erfenisterrein verklaar is; (xviii)

(xvi) "graf" 'n plek van begrafnis en ook die inhoud, grafsteen of ander merker van so 'n plek en enige ander struktuur op of geassosieer met sodanige plek; (xiii)

(xvii) "grond" ook grond wat deur water bedek word en die lugruim bokant die grond; (xx)

(xviii) "hierdie Wet" ook die regulasies; (xvii)

(xix) "kulturele betekenis" estetiese, argitektoniese, geskiedkundige, wetenskaplike, maatskaplike, geestelike, taalkundige of tegnologiese waarde of betekenis; (vi)

(xx) "kulturele eiendomsooreenkoms", met betrekking tot 'n vreemde staat, 'n ooreenkoms tussen Suid-Afrika en 'n vreemde staat of 'n internasionale ooreenkoms waarvan Suid-Afrika en 'n vreemde staat beide partye is, met betrekking tot die voorkoming van onwettige internasionale verkeer en kulturele eiendom; (v)

(xxi) "lewende erfenis" die ontasbare aspekte van oorgeërfde kultuur, en kan ook insluit—

(a) kulturele tradisie;

(b) mondelinge geskiedenis;

(c) prestasie;

(d) rituele;

(e) populêre geheue;

(f) vaardighede en tegnieke;

(g) inheemse kennisstelsels; en

(h) die holistiese benadering tot die natuur, die samelewing en maatskaplike verhoudings; (xxi)

(xxii) "LUR", tensy anders vermeld en in soverre 'n bepaling van hierdie Wet in of met betrekking tot 'n provinsie van toepassing is, die lid van die uitvoerende raad van 'n provinsie verantwoordelik vir kulturele aangeleenthede; (xxiv)

(xxiii) "meteoriet" enige voorwerp van buiteaardse oorsprong wat natuurlik voorkom; (xxv)

(xxiv) "Minister" die Minister verantwoordelik vir kuns en kultuur; (xxvi)

(xxv) "nasionale besit" die nasionale besit soos in artikel 3 omskryf; (xxvii)

(xxvi) "nasionale simbole" enige heraldiese voorstelling aldus bepaal kragtens artikel 5 van die Heraldiekwet, 1963 (Wet No. 18 van 1963); (xxviii)

(xxvii) "ondersteunde liggaam" 'n liggaam wat befonds of finansieel ondersteun word deur die Staat, en ook ondernemings in Staatsbesit; (xvi)

(xxviii) "onteien" die proses soos bepaal deur die bepalings van en ooreenkomstig prosedures voorgeskryf in die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975); (x)

(xxix) "ontwikkeling" enige fisiese ingryping, uitgrawing of handeling, uitgesonderd dié wat deur natuurkragte veroorsaak word, wat na die mening van 'n erfenishulpbronowerheid op enige wyse lei tot 'n verandering in die aard, voorkoms of fisiese aard van 'n plek of die stabiliteit en toekomstige welsyn daarvan beïnvloed, insluitende—

(a) konstruksie, verandering, sloping, verwydering of verandering van gebruik van 'n plek of 'n struktuur op 'n plek;
(b) die doen van enige werk op of oor of onder 'n plek;
(c) die onderverdeling of konsolidering van grond wat 'n plek behels, insluitende die strukture of lugruim van 'n plek;
(d) die oprigting of opstel van vertoontekens of skanse;
(e) enige verandering van die natuurlike of bestaande toestand of topografie van grond; en
(f) enige verwydering of afbreking van bome of die verwydering van plante of bogrond; (viii)

(xxx) "openbare monumente en gedenktekens" alle monumente en gedenktekens—

(a) wat opgerig is op grond wat behoort aan enige tak van die sentrale, provinsiale of plaaslike regering, of op grond wat behoort aan enige organisasie wat befonds word deur of ingestel is ingevolge die wetgewing van enige sodanige tak van regering; of
(b) waarvoor betaal is deur openbare onderskrywing, regeringsfondse of 'n burgerlike of militêre organisasie, en wat op grond is wat aan 'n private individu behoort; (xxxviii)

(xxxi) "paleontologies" enige gefossilleerde oorblyfsels of fossielspore van diere of plante wat in die geologiese verlede gelewe het, uitgesonderd fossielbrandstowwe of fossielhoudende gesteentes bedoel vir nywerheidsgebruik, en enige terrein wat sodanige gefossilleerde oorblyfsels of spore bevat; (xxxi)

(xxxii) "plaaslike owerheid" 'n munisipaliteit soos omskryf in artikel 10B van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993); (xxii)

(xxxiii) "plek" ook—

(a) 'n perseel, gebied of streek;
(b) 'n gebou of ander struktuur, wat toerusting, meubels, toebehore en artikels geassosieer of verbind met sodanige gebou of ander struktuur kan insluit;
(c) 'n groep geboue of ander strukture wat toerusting, meubels, toebehore en artikels geassosieer of verbind met sodanige groep geboue of ander strukture kan insluit;
(d) 'n oop ruimte, insluitende 'n openbare plein, straat of park; en
(e) met betrekking tot die bestuur van 'n plek, ook die onmiddellike omgewing van 'n plek; (xxxii)

(xxxiv) "provinsiale erfenishulpbronowerheid", in soverre hierdie Wet in 'n provinsie van toepassing is, 'n owerheid ingestel deur die LUR ingevolge artikel 23; (xxxvii)

(xxxv) "Raad" die raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap ingestel ingevolge artikel 14; (iv)

(xxxvi) "regulasies" regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (xl)

(xxxvii) "SAEHA" die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap by artikel 11 ingestel; (xil)

(xxxviii) "slagoffers van konflik"—

*(a)* sekere persone wat gesterf het in enige gebied wat nou by die Republiek ingesluit is as 'n regstreekse gevolg van enige oorlog of konflik soos vermeld in die regulasies, maar uitgesonderd slagoffers van konflik wat deur die Wet op Statebond-oorlogsgrafte, 1992 (Wet No. 8 van 1992), gedek word;

*(b)* lede van die magte van Groot-Brittanje en die voormalige Britse Ryk wat voor 4 Augustus 1914 in aktiewe diens gesterf het in enige gebied wat nou by die Republiek ingesluit is;

*(c)* persone wat tydens die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) as krygsgevangenes weggevoer is van enige plek wat nou in die Republiek ingesluit is na enige plek buite Suid-Afrika en daar gesterf het; en

*(d)* sekere kategorieë persone wat in die "bevrydingstryd" soos in die regulasies omskryf, gesterf het in gebiede wat nou by die Republiek ingesluit is asook buite die Republiek; (xviil)

(xxxix) "Staat" ook 'n provinsie; (xiiil)

(xl) "*Staatskoerant*" die nasionale *Staatskoerant*; (xii)

(xli) "struktuur" enige gebou, werke, toestel of ander fasiliteit wat deur mense gemaak is en wat geheg is aan grond en enige vaste en los toebehore en toerusting wat daarmee gepaard gaan; (xivl)

(xlii) "terrein" enige stuk grond, insluitende grond onder water, en ook enige strukture of voorwerpe daarop; (xiil)

(xliii) "verander" enige handeling wat die struktuur, voorkoms of fisiese eienskappe van 'n plek of voorwerp beïnvloed, hetsy deur middel van strukturele of ander werk, deur te verf, te pleister of ander versiering aan te bring of op enige ander wyse; (i)

(xliv) "verbetering", met betrekking tot erfenishulpbronne, ook die herstel, restourasie en rehabilitasie van 'n plek wat ingevolge hierdie Wet beskerm word; (xix)

(xlv) "voorskryf" by regulasie voorgeskryf; (xxxv)

(xlvi) "voorwerp" enige roerende eiendom van kulturele betekenis wat ingevolge enige bepalings van hierdie Wet beskerm kan word, insluitende—

*(a)* enige argeologiese artefak;

*(b)* paleontologiese en seldsame geologiese eksemplare;

*(c)* meteoriete; en

*(d)* ander voorwerpe in artikel 3 bedoel; (xxix)

(xlvii) "wederkerende staat" 'n vreemde staat wat 'n party is by 'n ooreenkoms oor kulturele eiendom; (xxxix)

(xlviii) "wrak" dieselfde as wat dit beteken in die omskrywing van "argeologies" in hierdie artikel. (xviiil)

## HOOFSTUK I

## STELSEL VIR BESTUUR VAN NASIONALE ERFENISHULPBRONNE

### *Deel 1: Algemene beginsels*

**Nasionale besit**

**3.** (1) Vir die doeleindes van hierdie Wet moet daardie erfenishulpbronne van Suid-Afrika wat van kulturele betekenis of ander spesiale waarde vir toekomstige geslagte en vir die huidige gemeenskap is, beskou word as deel van die nasionale besit en val dit binne die bestek van werksaamhede van erfenisowerhede.

(2) Sonder om die algemeenheid van subartikel (1) te beperk, kan die nasionale besit insluit—

*(a)* plekke, geboue, strukture en toerusting van kulturele betekenis;

*(b)* plekke waaraan mondelinge tradisies geheg is of wat met lewende erfenis geassosieer word;

*(c)* historiese nedersettings en dorpskappe;

*(d)* landskappe en natuurlike eienskappe van kulturele betekenis;

(e) geologiese terreine van wetenskaplike of kulturele belang;
(f) argeologiese en paleontologiese terreine;
(g) grafte en begraafplase, insluitende—
(i) grafte van voorouers;
(ii) koninklike grafte en grafte van tradisionele leiers;
(iii) grafte van slagoffers van konflik;
(iv) grafte van individue deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys;
(v) historiese grafte en begraafplase; en
(vi) ander menslike oorskotte wat nie deur die Wet op Menslike Weefsel, 1983 (Wet No. 65 van 1983), gedek word nie;
(h) terreine van betekenis wat met die geskiedenis van slawerny in Suid-Afrika verband hou;
(i) roerende voorwerpe, insluitende—
(i) voorwerpe herwin uit die grond of waters van Suid-Afrika, insluitende argeologiese en paleontologiese voorwerpe en materiaal, meteoriete en seldsame geologiese eksemplare;
(ii) voorwerpe waaraan mondelinge tradisies geheg word of wat met lewende erfenis geassosieer word;
(iii) etnografiese kuns en voorwerpe;
(iv) militêre voorwerpe;
(v) voorwerpe van sierkuns of skone kuns;
(vi) voorwerpe van wetenskaplike of tegnologiese belang; en
(vii) boeke, rekords, dokumente, fotografiese positiewe en negatiewe, grafiese, film- of videomateriaal of klankopnames, uitgesonderd publieke rekords soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996).

(3) Sonder om die algemeenheid van subartikels (1) en (2) te beperk, moet 'n plek of voorwerp as deel van die nasionale besit beskou word as dit kulturele betekenis of ander spesiale waarde het omrede—
(a) die belangrikheid daarvan in die gemeenskap of in die loop of patroon van Suid-Afrika se geskiedenis;
(b) dit ongewone, seldsame of bedreigde aspekte van Suid-Afrika se natuurerfenis of kultuurerfenis besit;
(c) die potensiaal daarvan om inligting op te lewer wat sal bydra tot 'n begrip van Suid-Afrika se natuurerfenis of kultuurerfenis;
(d) die belangrikheid daarvan om die vernaamste eienskappe van 'n bepaalde klas van Suid-Afrika se natuurlike of kulturele plekke of voorwerpe te toon;
(e) die belangrikheid daarvan om bepaalde estetiese eienskappe waaraan 'n gemeenskap of kultuurgroep waarde heg, te toon;
(f) die belangrikheid daarvan om 'n hoë mate van skeppende of tegniese prestasie in 'n bepaalde tydperk te toon;
(g) die sterk of spesiale assosiasie daarvan met 'n bepaalde gemeenskap of kultuurgroep om maatskaplike, kulturele of geestelike redes;
(h) die sterk of spesiale assosiasie daarvan met die lewe of werk van 'n persoon, groep of organisasie van belang in die geskiedenis van Suid-Afrika; en
(i) plekke van betekenis met betrekking tot die geskiedenis van slawerny in Suid-Afrika.

**Toepassing**

4. Hierdie Hoofstuk stel die nasionale stelsel vir die bestuur van erfenishulpbronne in, wat dwarsdeur die Republiek van toepassing is en wat—
(a) ook van toepassing is op die handelinge van die Staat en 'n plaaslike owerheid;
(b) dien as riglyne waarin 'n erfenishulpbronowerheid, hetsy ingestel ingevolge hierdie Wet of enige ander wet, en enige ander bevoegde owerheid 'n diskresie moet uitoefen of enige besluit moet neem ingevolge hierdie Wet of enige ander wet wat oor die bestuur van erfenishulpbronne handel; en
(c) dien as die algemene raamwerk waarbinne—
(i) enige erfenishulpbronowerheid sy funksies moet verrig en aanbevelings moet doen; en

(ii) daardie aanbevelings deur enige bevoegde owerheid ingevolge hierdie Wet of enige ander wet wat oor die bestuur van erfenishulpbronne handel, oorweeg moet word; en

*(d)* die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap instel om die nasionale besit te bestuur, en om voorsiening te maak vir die instelling van provinsiale erfenishulpbronowerhede om provinsiale en plaaslike erfenishulpbronne te bestuur.

**Algemene beginsels vir bestuur van erfenishulpbronne**

**5.** (1) Alle owerhede, liggame en persone wat funksies verrig en bevoegdhede uitoefen ingevolge hierdie Wet vir die bestuur van erfenishulpbronne, moet die volgende beginsels erken:

*(a)* Erfenishulpbronne het 'n blywende waarde in eie reg en lewer bewys van die oorsprong van die Suid-Afrikaanse samelewing, en omdat hulle waardevol, eindig, nie-hernubaar en onvervangbaar is, moet hulle sorgvuldig bestuur word om hulle oorlewing te verseker;

*(b)* elke geslag het 'n morele verantwoordelikheid om as trustee van die nasionale kultuurerfenis op te tree vir opvolgende geslagte en die Staat het 'n verpligting om erfenishulpbronne in belang van alle Suid-Afrikaners te bestuur;

*(c)* erfenishulpbronne het die vermoë om versoening, begrip en respek te bevorder, en dra by tot die ontwikkeling van 'n verenigende Suid-Afrikaanse identiteit; en

*(d)* erfenishulpbronbestuur moet waak teen die gebruik van erfenis vir sektariese doeleindes of politieke gewin.

(2) Om te verseker dat erfenishulpbronne doeltreffend bestuur word—

*(a)* moet die vaardighede en vermoëns van persone en gemeenskappe betrokke by die bestuur van erfenishulpbronne ontwikkel word; en

*(b)* moet daar voorsiening gemaak word vir die deurlopende opvoeding en opleiding van bestaande en nuwe werkers in die bestuur van erfenishulpbronne.

(3) Wette, prosedures en administratiewe praktyke moet—

*(a)* duidelik en algemeen beskikbaar wees vir diegene wat daardeur geraak word;

*(b)* afgesien daarvan dat hulle as regulerende maatreëls dien, leiding en inligting verskaf vir diegene wat daardeur geraak word; en

*(c)* verdere inhoud verleen aan die fundamentele regte in die Grondwet uiteengesit.

(4) Erfenishulpbronne vorm 'n belangrike deel van die geskiedenis en oortuigings van gemeenskappe en moet op so 'n wyse bestuur word dat die reg van geaffekteerde gemeenskappe om geraadpleeg te word oor en deel te neem aan die bestuur daarvan, erken word.

(5) Erfenishulpbronne dra in beduidende mate by tot navorsing, opvoeding en toerisme, en hulle moet vir hierdie doeleindes ontwikkel en aangebied word op 'n wyse wat waardigheid en respek vir kulturele waardes verseker.

(6) Beleid, administratiewe praktyk en wetgewing moet die integrasie van erfenishulpbronbewaring in stedelike en landelike beplanning en maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling bevorder.

(7) Die identifisering, evaluering en bestuur van die erfenishulpbronne van Suid-Afrika moet—

*(a)* alle tersaaklike kulturele waardes en inheemse kennisstelsels in aanmerking neem;

*(b)* materiaal van kultuurerfeniswaarde in aanmerking neem en so min moontlik verandering of verlies daarvan meebring;

*(c)* die gebruik en genieting van en toegang tot erfenishulpbronne bevorder op 'n wyse wat versoenbaar is met die kulturele betekenis en bewaringsbehoeftes daarvan;

*(d)* tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling bydra;

*(e)* die opsies van huidige en toekomstige geslagte beskerm; en

*(f)* ten volle nagevors, gedokumenteer en aangeteken word.

**Beginsels vir bestuur van erfenishulpbronne**

**6.** (1) SAEHA, na oorleg met die Minister, kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(*a*) enige beginsel vir bestuur van erfenishulpbronne bykomstig tot, maar nie teenstrydig nie met, die beginsels in artikel 5 voorskryf;

(*b*) enige beginsel soos in artikel 5 uiteengesit in groter detail, maar nie teenstrydig daarmee nie, voorskryf;

(*c*) vir algemene inligting nasionale beleid rakende die bestuur van erfenishulpbronne of enige aspek daarvan wat in ooreenstemming is met die beginsels in artikel 5 uiteengesit of kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) voorgeskryf, publiseer;

waarop sodanige beginsel dwarsdeur die Republiek van toepassing is.

(2) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*—

(*a*) enige beginsels vir die bestuur van erfenishulpbronne voorskryf benewens, maar nie onbestaanbaar nie met, die beginsels in artikel 5 uiteengesit of deur SAEHA kragtens subartikel (1) voorgeskryf;

(*b*) enige beginsel in artikel 5 uiteengesit of deur SAEHA kragtens subartikel (1) voorgeskryf, in meer besonderhede voorskryf, maar nie onbestaanbaar daarmee nie;

(*c*) provinsiale beleid rakende die bestuur van erfenishulpbronne of enige aspek daarvan wat bestaanbaar is met die beginsels in artikel 5 uiteengesit of kragtens subartikel (1) of paragrawe (*a*) en (*b*) van hierdie subartikel voorgeskryf, vir algemene inligting publiseer,

waarna sodanige beginsel of beleid in die provinsie van toepassing is op die grondslag in artikel 5 uiteengesit.

(3) 'n Erfenishulpbronowerheid moet, voordat hy enige beginsel of algemene beleid kragtens subartikel (1) of (2) voorskryf—

(*a*) 'n konsep van sodanige beginsel of beleid aan die publiek beskikbaar stel; en

(*b*) oorweging skenk aan enige kommentaar op sodanige konsep wat binne 'n redelike tyd na sodanige publikasie van enige persoon ontvang word.

**Evalueringsmaatstawwe en gradering van erfenishulpbronne**

**7.** (1) SAEHA moet in oorleg met die Minister en die LUR van elke provinsie by regulasie 'n stelsel van gradering van plekke en voorwerpe wat deel uitmaak van die nasionale besit instel, welke stelsel moet onderskei tussen minstens die kategorieë—

(*a*) Graad I: Erfenishulpbronne met eienskappe wat so uitsonderlik is dat dit van spesiale nasionale betekenis is;

(*b*) Graad II: Erfenishulpbronne, al is hulle deel van die nasionale besit, wat geag kan word spesiale eienskappe te besit wat hulle van betekenis maak binne die konteks van 'n provinsie of streek; en

(*c*) Graad III: Ander Erfenishulpbronne wat bewareswaardig is,

en maatstawwe vir die evaluering van erfenishulpbronne voorskryf, in ooreenstemming met die maatstawwe in artikel 3(3) uiteengesit, wat deur 'n erfenishulpbronowerheid of plaaslike owerheid gebruik moet word om die intrinsieke, vergelykende en kontekstuele betekenis van 'n erfenishulpbron en die relatiewe voordele en koste van die beskerming daarvan te evalueer, sodat die gepaste vlak van gradering van die hulpbron en die gevolglike verantwoordelikheid vir die bestuur daarvan ingevolge artikel 8 toegewys kan word.

(2) 'n Erfenishulpbronowerheid kan gedetailleerde maatstawwe vir erfenisevaluering voorskryf, in ooreenstemming met die maatstawwe in artikel 3(3) uiteengesit, vir die evaluering van Graad II- en Graad III-erfenishulpbronne in 'n provinsie.

**Verantwoordelikhede en bevoegdheid van erfenisowerhede en plaaslike owerhede vir identifisering en bestuur van nasionale besit**

**8.** (1) Daar is 'n drievlakstelsel vir erfenishulpbronbestuur, waarin funksies op nasionale vlak die verantwoordelikheid van SAEHA is, funksies op provinsiale vlak die verantwoordelikheid van provinsiale erfenishulpbronowerhede is en funksies op plaaslike vlak die verantwoordelikheid van plaaslike owerhede is. Erfenishulpbronowerhede en plaaslike owerhede is rekenpligtig vir hulle handelinge en besluite en die verrigting van sy funksies kragtens hierdie stelsel.

(2) SAEHA is verantwoordelik vir die identifisering en bestuur van Graad I-erfenishulpbronne en erfenishulpbronne in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van hierdie Wet, en hy moet die bestuur van die nasionale besit in die Republiek koördineer en moniteer.

(3) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid is verantwoordelik vir die identifisering en bestuur van Graad II-erfenishulpbronne en erfenishulpbronne wat 'n provinsiale bevoegdheid geag word ingevolge hierdie Wet.

(4) 'n Plaaslike owerheid is verantwoordelik vir die identifisering en bestuur van Graad III-erfenishulpbronne en erfenishulpbronne wat geag word binne sy bevoegdheid te val ingevolge hierdie Wet.

(5) Vir die doeleindes van 'n aansoek om 'n permit of ander magtiging om 'n handeling te verrig wat ingevolge hierdie Wet of provinsiale erfeniswetgewing beheer word, geniet formele beskerming deur 'n erfenishulpbronowerheid op 'n hoër vlak voorrang bo enige formele of algemene beskerming op 'n laer vlak, sonder benadeling van enige aansporings wat op enige vlak aangebied word.

(6) *(a)* 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid of 'n plaaslike owerheid mag geen funksies ingevolge hierdie Wet of enige ander wet vir die bestuur van erfenishulpbronne verrig nie tensy hy bevoeg is om dit te doen. Die vermoë van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid of 'n plaaslike owerheid moet geëvalueer word aan die hand van maatstawwe voorgeskryf deur die Minister, insluitende die beskikbaarheid van toereikende personeel, kundigheid, ondervinding en administratiewe stelsels, wat toegepas moet word—

(i) deur SAEHA, by die evaluering van die vermoë van provinsiale owerhede om spesifieke funksies te verrig met betrekking tot voorgeskrewe kategorieë erfenishulpbronne; en

(ii) deur provinsiale erfenishulpbronowerhede, om die vermoë van plaaslike owerhede om enige funksie ingevolge hierdie Wet te verrig, te bepaal:

Met dien verstande dat, in die geval van 'n geskil, die aangeleentheid aan arbitrasie voorgelê moet word.

*(b)* Indien 'n owerheid op provinsiale of plaaslike vlak nie oor die vermoë beskik of nie bevoeg is om 'n spesifieke funksie te verrig nie waarvoor hy ingevolge hierdie artikel verantwoordelik is, moet daardie funksie op 'n agentskapgrondslag verrig word deur 'n owerheid op 'n hoër vlak of 'n bevoegde owerheid op dieselfde vlak.

*(c)* 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid of 'n plaaslike owerheid moet by die tersaaklike owerheid aansoek doen vir die evaluering van sy bevoegdheid ingevolge paragraaf *(a)* op die wyse deur die evaluerende owerheid voorgeskryf, en kan vir herevaluering aansoek doen binne die tydperk en op die voorwaardes deur die evaluerende owerheid voorgeskryf.

*(d)* Die evaluerende owerheid kan te eniger tyd, en moet ten minste elke twee jaar, die bevoegdheid van 'n ondergeskikte owerheid herevalueer en die aanvaarding van funksies en bevoegdhede ingevolge hierdie Wet hersien.

**Regte, pligte en vrystellings van Staat en ondersteunde liggame**

9. (1) Alle vertakkings van die Staat en ondersteunde liggame moet aan erfenisowerhede die bystand in die verrigting van hulle funksies verleen wat redelikerwys doenlik is.

(2) Alle vertakkings van die Staat en ondersteunde liggame moet, op versoek van 'n erfenishulpbronowerheid, enige inligting wat hulle op rekord het oor erfenishulpbronne onder hulle beheer, aan sodanige erfenishulpbronowerheid beskikbaar stel vir sy gebruik en opname in sy databasis: Met dien verstande dat die liggaam wat sodanige inligting verskaf, voorwaardes kan stel betreffende die openbaarmaking en verspreiding van sodanige inligting deur die erfenishulpbronowerheid.

(3) Elke Staatsdepartement en ondersteunde liggaam moet—

*(a)* die erfenishulpbronne onder sy beheer in stand hou en bewaar in ooreenstemming met standaarde en prosedures uiteengesit in regulasies uitgevaardig deur SAEHA in oorleg met die Departement van Openbare Werke;

*(b)* jaarliks 'n verslag oor die instandhouding en ontwikkeling van sodanige hulpbronne aan SAEHA voorlê;

(c) in ooreenstemming met regulasies, op versoek van die Minister, of binne 10 jaar na die inwerkingtreding van hierdie Wet, inligting oor en 'n inventaris van sodanige erfenishulpbronne opstel en aan SAEHA voorlê;

(d) op versoek van die Minister en in ooreenstemming met regulasies, bestuursplanne vir gespesifiseerde erfenishulpbronne opstel;

(e) geen stappe doen wat so 'n hulpbron nadelig raak nie tensy die betrokke owerheid oortuig is dat daar geen doenlike en sinvolle alternatief vir die doen van daardie stappe is nie en dat alle maatreëls wat redelikerwys getref kan word om die nadelige gevolge tot die minimum te beperk, getref sal word;

(f) by die inisiëring van die proses van beplanning van die projek, of ten minste 90 dae voordat enige stappe gedoen word wat sodanige erfenishulpbron nadelig kan raak, wat ook al die langste tydperk is, SAEHA inlig oor die beoogde stappe en aan hulle 'n redelike geleentheid bied om dit te oorweeg en daarop kommentaar te lewer; en

(g) waar die vernietiging van sodanige erfenishulpbronne ingevolge hierdie Wet toegelaat word, sodanige hulpbronne aanteken in ooreenstemming met standaarde wat deur SAEHA gestel is en enige ander versagtende stappe doen wat deur SAEHA vereis word.

(4) Waar SAEHA ingelig word oor beoogde stappe deur 'n Staatsdepartement of ondersteunde liggaam, moet hy so gou doenlik aan die betrokke departement of liggaam sy kommentaar voorsien.

(5) Vir doeleindes van hierdie artikel word die doen van 'n aanbeveling wat, indien dit aangeneem word, 'n erfenishulpbron sal raak, die neem van 'n besluit, die goedkeuring van 'n program, die uitreiking van 'n lisensie of die verlening van toestemming geag die doen van stappe te wees.

(6) Nakoming van subartikel (3) stel nie 'n Staatsdepartement of ondersteunde liggaam vry van voldoening aan vereistes ingevolge hierdie Wet vir enige erfenishulpbron in sy besit wat ingevolge hierdie Wet of gelykwaardige provinsiale wetgewing beskerm word nie.

(7) Die hoof van 'n owerheidsliggaam op nasionale regeringsvlak moet—

(a) SAEHA in kennis stel van sy of haar voorneme om enige argitektoniese of tegniese tekeninge in enige medium hoegenaamd, soos omskryf in regulasies wat deur SAEHA in oorleg met die Nasionale Argivaris uitgevaardig is, te vernietig of te skrap; en

(b) sodanige tekeninge gratis aan SAEHA beskikbaar stel indien so deur SAEHA versoek.

(8) Die hoof van 'n owerheidsliggaam op provinsiale of plaaslike regeringsvlak moet—

(a) die provinsiale erfenishulpbronowerheid in kennis stel van sy of haar voorneme om enige argitektoniese of tegniese tekeninge in enige medium hoegenaamd te vernietig of te skrap; en

(b) sodanige tekeninge gratis aan 'n erfenishulpbronowerheid beskikbaar stel.

(9) Die Registrateur van Aktes moet SAEHA of die betrokke erfenishulpbronowerheid in kennis stel, in 'n kennisgewing soos voorgeskryf, van die besonderhede van die registrasie van oordrag of onderverdeling van enige plek wat formeel deur sodanige erfenishulpbronowerheid beskerm word ingevolge Deel 1 van Hoofstuk 2 van hierdie Wet, binne 14 dae na sodanige registrasie.

(10) Wanneer—

(a) 'n plek kragtens artikel 27 tot 'n nasionale erfenisterrein of 'n provinsiale erfenisterrein verklaar is;

(b) 'n plek kragtens artikel 28 as 'n beskermde gebied aangewys is;

(c) 'n plek kragtens artikel 29 voorlopig beskerm is vir 'n tydperk van langer as ses maande;

(d) 'n plek kragtens artikel 30 in 'n erfenisregister aangeteken is;

(e) 'n plek kragtens artikel 31 in 'n erfenisgebied ingesluit is;

(f) 'n erfenisooreenkoms ingevolge artikel 41 ten opsigte van 'n plek aangegaan is vir 'n tydperk van langer as ses maande; of

(g) 'n bevel van geen ontwikkeling ingevolge artikel 51(8) ten opsigte van 'n plek gemaak is,

moet die betrokke erfenishulpbronowerheid die Landmeter-generaal en die Registrateur van Aktes in wie se aktekantoor die betrokke grond geregistreer is, voorsien van—

(i) 'n eksemplaar van die kennisgewing in die *Staatskoerant* of die *Provinsiale Koerant*;

(ii) die besonderhede van die beskerming;

(iii) 'n afskrif van enige opmeting, insluitende enige diagram of plan, kragtens artikel 25(2)*(d)* gedoen; en

(iv) 'n afskrif van die betrokke bevel van geen ontwikkeling of van 'n erfenisooreenkoms.

(11) Die Registrateur van Aktes moet—

*(a)* die titelakte endosseer van die betrokke plek wat in die aktekantoor geliasseer is;

*(b)* in die toepaslike registers en op die eienaar se titelakte sodra dit by die aktekantoor ingedien word, 'n inskrywing maak betreffende die besonderhede wat ingevolge subartikel (10) verskaf is;

*(c)* die oppervlakgebied van die beskermde plek identifiseer; en

*(d)* die besonderhede van die beskermingsbevel of erfenisooreenkoms duidelik vermeld.

(12) Die Landmeter-generaal moet—

*(a)* op die betrokke rekords wat in sy of haar kantoor geliasseer is, 'n inskrywing maak met verwysing na die kennisgewing wat ingevolge subartikel (10) verskaf is; en

*(b)* die besonderhede van die beskermingsbevel of erfenisooreenkoms in breë trekke vermeld.

(13) *(a)* Wanneer—

(i) 'n kennisgewing ingevolge artikel 27(7) gewysig of ingetrek word;

(ii) die aanwysing van 'n beskermde gebied kragtens artikel 28(1) of (2) ingetrek word;

(iii) 'n voorlopige beskerming vir 'n tydperk van langer as ses maande kragtens artikel 29(1)*(b)* of (2)*(b)* ingetrek word;

(iv) 'n inskrywing in 'n erfenisregister gewysig of geskrap word;

(v) 'n plek uit 'n erfenisgebied uitgesluit word; of

(vi) 'n bevel van geen ontwikkeling kragtens artikel 51(11) gewysig of herroep word,

moet die betrokke erfenishulpbronowerheid 'n afskrif van die kennisgewing of bevel aan die Registrateur van Aktes en die Landmeter-generaal verstrek.

*(b)* Die Registrateur van Aktes moet die nodige endossement op die betrokke titelaktes en in die betrokke registers aanbring.

*(c)* Die Landmeter-generaal moet die nodige endossemente op die betrokke rekords wat in sy of haar kantoor geliasseer is, aanbring.

**Algemene beginsels van prosedure**

**10.** (1) Die algemene beginsels van prosedure in subartikel (2) uiteengesit, is van toepassing op enige besluit rakende die administrasie en bestuur van die nasionale besit deur 'n owerheid aan wie 'n verantwoordelikheid ingevolge artikel 7 opgedra is en enige ander bevoegde owerheid aan wie funksies en bevoegdhede vir die administrasie en bestuur van die nasionale besit opgedra of gedelegeer is, insluitende enige besluit—

*(a)* om 'n erfenishulpbron formeel te beskerm by kennisgewing in die *Staatskoerant* of die *Provinsiale Koerant*;

*(b)* om 'n permit uit te reik of nie uit te reik nie; en

*(c)* geneem deur enige persoon of owerheid tot wie 'n appèl gerig is.

(2) Die besluite in subartikel (1) beoog, moet geneem word in ooreenstemming met die volgende algemene beginsels:

*(a)* Besluite moet in ooreenstemming wees met die beginsels of beleid uiteengesit in artikel 5 of kragtens artikel 6 voorgeskryf;

*(b)* 'n vergadering waarop besluite geneem word, moet oop wees vir die publiek en die sakelys en notule moet beskikbaar wees vir openbare insae: Met dien verstande dat wanneer daar goeie rede is om dit te doen, 'n aangeleentheid by besluit van die meerderheid van die aanwesige lede as vertroulik verklaar kan word en die bespreking en notule uitgesluit kan word van openbare insae;

*(c)* 'n persoon wat geraak kan word deur 'n besluit, het die reg om op die betrokke vergadering te verskyn;

*(d)* skriftelike redes vir enige besluit moet op versoek verstrek word.

### *Deel 2: Samestelling, funksies, bevoegdhede en pligte van erfenisowerhede*

**Instelling van Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap**

11. Daar word hierby 'n organisasie ingestel wat as die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) bekend staan, wat 'n regspersoon is wat bevoeg is om eisend en verwerend op te tree in sy korporatiewe naam en wat beheer word deur 'n Raad wat kragtens artikel 14 ingestel word.

**Oogmerke van SAEHA**

12. Die oogmerk van SAEHA is om identifikasie en bestuur van die nasionale besit te koördineer.

**Funksies, bevoegdhede en pligte van SAEHA**

13. (1) Die algemene funksies van SAEHA is om—

*(a)* nasionale beginsels, standaarde en beleid vir die identifisering, aantekening en bestuur van die nasionale besit te vestig, ingevolge waarvan erfenishulpbronowerhede en ander toepaslike liggame met betrekking tot Suid-Afrikaanse erfenishulpbronne moet funksioneer;

*(b)* die bestuur van die nasionale besit deur alle agentskappe van die Staat en ander liggame te koördineer en hulle bedrywighede te moniteer ten einde te verseker dat hulle voldoen aan nasionale beginsels, standaarde en beleid vir die bestuur van erfenishulpbronne;

*(c)* nasionaal betekenisvolle erfenishulpbronne te identifiseer, aan te teken en te bestuur en permanente rekords van sodanige werk te hou;

*(d)* enige owerheid wat verantwoordelik is vir die bestuur van die nasionale besit op provinsiale of plaaslike vlak te adviseer, by te staan en van professionele kundigheid te voorsien, en om enige ander liggaam wat met die bestuur van erfenishulpbronne gemoeid is, by te staan;

*(e)* openbare begrip en genieting van die nasionale besit en openbare belangstelling in en betrokkenheid by die identifisering, evaluering, aantekening en bestuur van erfenishulpbronne te bevorder en aan te moedig;

*(f)* opleiding en opvoeding op terreine verwant aan die bestuur van die nasionale besit te bevorder; en

*(g)* enige ander funksies te verrig wat by hierdie Wet aan hom opgedra word of soos deur die Minister gelas.

(2) Sonder om die algemeenheid van subartikel (1) te beperk, en benewens die algemene bevoegdhede en pligte verleen ingevolge artikel 25, moet SAEHA—

*(a)* ondersoek instel na en die Raad adviseer oor—

(i) die stand van Suid-Afrika se erfenishulpbronne en enige stappe wat nodig is om dit te beskerm en te bewaar;

(ii) nasionale beleid vir die bestuur van die nasionale besit;

(iii) wetgewende wysigings en verordenings vir die bestuur van die nasionale besit;

(iv) die repatriasie van erfenishulpbronne wat uit Suid-Afrika verwyder is en wat SAEHA as 'n beduidende deel van die nasionale besit beskou;

(v) die rol van die nasionale besit in die ontwikkeling en bevordering van 'n kulturele profiel vir Suid-Afrika;

(vi) maatreëls en uitgawes deur die Staat vir die identifisering en bestuur van erfenishulpbronne, insluitende finansiële aansporings en konsessies vir die bestuur van erfenishulpbronne;

(vii) opvoeding en opleiding op alle vlakke om die doeltreffende identifisering en bestuur van die nasionale besit te bevorder;

(viii) enige aangeleentheid rakende die werking van hierdie Wet; en

(ix) enige ander aangeleentheid rakende die nasionale besit of die bestuur daarvan;

(b) die nasionale erfenishulpbronbibliotеek instel en in stand hou, vir sy eie gebruik en vir die gebruik van alle erfenisowerhede en erfenisliggame en die publiek, insluitende dokumentêre en ander rekords rakende die nasionale besit;

(c) die stelselmatige identifisering en aantekening van die nasionale besit bevorder deur—

(i) die ontwikkeling van 'n nasionale strategie vir die identifisering en evaluering van erfenishulpbronne;

(ii) die instelling en befondsing van 'n vaste Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronopname, wat jaarlikse projekte gemik op die identifisering, evaluering en dokumentering van erfenishulpbronne moet uitvoer;

(iii) die koördinering en ondersteuning van inisiatiewe deur provinsiale erfenishulpbronowerhede en enige ander liggame en persone om 'n opname van erfenishulpbronne te maak en dit aan te teken;

(iv) die administrasie, koördinasie en befondsing van projekte en navorsingsprogramme gemik op die skepping van grafiese en ander rekords van erfenishulpbronne;

(v) die aanbieding van opleidingsprogramme en ander tersaaklike bedrywighede gemik op die bewaring en dokumentering van tradisionele Suid-Afrikaanse boutegnieke en struktuurvorme;

(vi) die bevordering van die identifisering en aantekening van aspekte van lewende erfenis geassosieer met erfenishulpbronne; en

(vii) projekte gemik op die uitbreiding van die volume en besonderhede van inligting gehou in die inventaris van die nasionale besit in artikel 39 bedoel; en

(d) en moet nasionale norme en standaarde voorskryf vir die aantekening van inligting oor erfenishulpbronne in databasisse wat deur homself en deur provinsiale erfenishulpbronowerhede in stand gehou word.

**Instelling en samestelling van SAEHA-Raad**

14. (1) Die sake van SAEHA is onder die beheer, bestuur en leiding van 'n Raad bestaande uit—

(a) ten minste nege maar hoogstens 15 lede op die voorgeskrewe wyse deur die Minister aangestel, waarvan nege lede onderskeidelik elk van die provinsies van Suid-Afrika moet verteenwoordig; en

(b) die hoof- uitvoerende beampte van SAEHA.

(2) Die lede van die Raad in subartikel (1)(a) beoog, moet aangestel word in ooreenstemming met die beginsels van deursigtigheid en verteenwoordigendheid en hulle aanstelling moet geskied met inagneming van die wenslikheid daarvan dat die lede—

(a) tussen hulle beskik oor kwalifikasies of spesiale ondervinding of belangstelling op gebiede wat tersaaklik is vir erfenishulpbronne, en die finansiële kennis wat nodig is vir die doeltreffende funksionering van SAEHA; en

(b) verteenwoordigend is van die tersaaklike sektorale belange en die kulturele en demografiese eienskappe van die bevolking van die Republiek.

(3) 'n Lid van die Raad ontruim sy of haar amp indien hy of sy—

(a) skriftelik bedank;

(b) sonder die verlof van die Raad van drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig was;

(c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(d) deur 'n bevoegde hof geestesongesteld bevind word; of

(e) skuldig bevind word aan 'n misdryf waarby oneerlikheid of liggaamlike benadeling betrokke is en gevonnis word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.

(4) Die Minister kan, na oorleg met die Raad, 'n lid van die Raad van sy of haar amp onthef indien daar na die mening van die Minister goeie redes is om dit te doen nadat die lid oor daardie redes aangehoor is.

(5) 'n Lid van die Raad beklee die amp vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar, en kan heraangestel word.

(6) Geen lid mag meer as twee opeenvolgende termyne dien nie.

(7) Indien 'n lid van die Raad sterf of sy of haar amp ontruim voor die verstryking van die termyn waarvoor die lid aangestel is, kan 'n ander persoon aangestel word om die vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die termyn waarvoor die lid aangestel is.

**Voorsitter van Raad**

**15.** (1) Die voorsitter van die Raad word uit die aangestelde lede van die Raad gekies en beklee die amp vir die termyn of die onverstreke gedeelte van die termyn waarvoor hy of sy as lid van die Raad aangestel is, tensy die Raad anders bepaal.

(2) Indien die voorsitter van die Raad die amp van voorsitter ontruim voor die verstryking van die termyn waarvoor hy of sy aangestel is, moet 'n ander lid van die Raad behoudens subartikel (1) as voorsitter van die Raad gekies word uit die aangestelde lede van die Raad.

(3) Indien die voorsitter van die Raad afwesig is van 'n vergadering van die Raad of nie in staat is om op daardie vergadering voor te sit nie, moet die aanwesige lede een uit hulle geledere kies om op daardie vergadering voor te sit en daardie persoon kan gedurende daardie vergadering en totdat die voorsitter sy of haar funksies hervat, al daardie funksies verrig.

**Funksies van Raad**

**16.** Die funksies van die Raad is om—

(a) die Minister te adviseer oor aangeleenthede rakende die bestuur van erfenishulpbronne;

(b) verantwoordelik en verantwoordingspligtig te wees vir die toepassing van die funksies, bevoegdhede en pligte van SAEHA;

(c) SAEHA te adviseer en by te staan met die uitoefening van sy funksies, bevoegdhede en pligte;

(d) die koördinering van beleidsformulering en beplanning vir die bestuur van die nasionale besit op nasionale en provinsiale vlak te bevorder; en

(e) die Minister te voorsien van die inligting wat die Minister verlang.

**Vergaderings van Raad**

**17.** (1) Die Raad kan so dikwels as nodig vergader, maar moet ten minste twee maal per jaar vergader.

(2) 'n Kworum vir 'n vergadering van die Raad is 'n meerderheid van sy lede.

(3) Enige besluit van die Raad moet geneem word by resolusie van die meerderheid van die lede aanwesig op enige vergadering van die Raad, en in die geval van 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid het die persoon wat op die onderhawige vergadering voorsit, 'n beslissende stem benewens sy of haar beraadslagende stem as 'n lid van die Raad.

**Komitees van Raad**

**18.** Die Raad kan komitees instel om te help met die verrigting van sy funksies, en benewens enige lede kan hy persone in sulke komitees aanstel wat na die Raad se mening bevoeg is of oor spesifieke vaardighede en kundigheid beskik.

**Terugbetaling aan lede van Raad en komitees van uitgawes aangegaan**

**19.** Die Minister kan, met die instemming van die Minister van Finansies, die terugbetaling bepaal aan lede van die Raad en enige komitees wat hy instel, wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie, van uitgawes wat aangegaan is.

**Werknemers van Raad**

**20.** (1) Die Raad moet 'n senior personeellid as hoof uitvoerende beampte aanstel, wat—

(a) verantwoordelik moet wees vir die bestuur van die sake van SAEHA en wat oor daardie sake aan die Raad moet verslag doen soos wat die Raad verlang;

(b) die rekenpligtige beampte moet wees, belas met die verantwoordelikheid om rekenskap te gee van alle geld ontvang en die aanwending daarvan, en verantwoordelik moet wees vir die eiendom van SAEHA;
(c) 'n jaarverslag oor die finansiële sake van SAEHA aan die Raad moet voorlê;
(d) verantwoordelik moet wees vir die aanstelling en bestuur van die personeel in ooreenstemming met die personeelbeleid ingevolge subartikel (2); en
(e) enige ander bedrywighede en pligte moet verrig wat van tyd tot tyd deur die Raad aan die hoof uitvoerende beampte opgedra word.

(2) Die Raad moet, in oorleg met die hoof uitvoerende beampte, die personeelbehoeftes en personeelbeleid van SAEHA bepaal, asook die poste, diensvoorwaardes, besoldiging, toelaes, subsidies en ander voordele van die personeel, in ooreenstemming met 'n stelsel wat met die instemming van die Minister van Finansies deur die Minister goedgekeur is.

(3) Die Raad moet een van die personeellede van SAEHA as waarnemende hoof uitvoerende beampte aanwys wanneer die amp van hoof uitvoerende beampte vakant is of wanneer die hoof uitvoerende beampte afwesig is.

**Fondse en eiendom**

21. (1) Die fondse van SAEHA bestaan uit—
(a) gelde wat deur die Parlement bewillig is om hom in staat te stel om sy funksies te verrig en sy bevoegdhede uit te oefen;
(b) gelde en boetes wat ingevolge regulasies ontvang word;
(c) gelde wat ontvang word as betaling vir dienste;
(d) fondse wat deur hom verkry is en donasies en kontribusies aan hom;
(e) trustfondse wat by hom berus;
(f) rente verkry uit beleggings;
(g) gelde wat uit enige ander bron ontvang word.

(2) Behoudens hierdie artikel moet SAEHA sy fondse gebruik om uitgawes in verband met die verrigting van sy funksies te bestry.

(3) Die Raad kan enige geld wat nie vir onmiddellike gebruik of as 'n redelike bedryfsaldo nodig is nie, belê ooreenkomstig die riglyne wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

(4) Die Raad kan 'n reserwefonds instel en bedryf en kan sodanige bedrae as wat van tyd tot tyd beskikbaar word, daarin deponeer.

(5) SAEHA, met die goedkeuring van die Raad—
(a) mag nie geld belê of leen nie behalwe met die toestemming van die Minister, gegee met die instemming van die Minister van Finansies;
(b) kan enige saaklike reg op enige roerende of onroerende eiendom koop of andersins verkry, hou, huur, verhuur of in trust ontvang; en
(c) mag nie saaklike reg op onroerende eiendom aan iemand anders oormaak om in trust te hou of dit verkoop, verruil of andersins vervreem, of verhipotekeer, met 'n serwituut beswaar of andersins verleen nie, behalwe met die goedkeuring van die Minister, gegee met die instemming van die Minister van Finansies.

(6) Een keer gedurende elke boekjaar, op 'n tyd wat die Minister bepaal, moet SAEHA 'n staat van sy geraamde inkomste en uitgawes vir die volgende boekjaar aan die Minister voorlê vir goedkeuring, verleen met die instemming van die Minister van Finansies.

(7) SAEHA kan in die loop van 'n boekjaar aanvullende begrotings van sy uitgawes vir daardie boekjaar aan die Minister voorlê vir goedkeuring, verleen met die instemming van die Minister van Finansies.

(8) SAEHA mag geen uitgawes aangaan nie uitgesonderd in ooreenstemming met 'n begroting van uitgawes wat ooreenkomstig subartikels (6) en (7) goedgekeur is.

(9) SAEHA moet—
(a) volledige en korrekte rekenings en rekords hou van al sy finansiële transaksies en sake, insluitende al sy transaksies in sy hoedanigheid van trustee van enige trustfonds, en alle eiendomme onder sy beheer, en moet verseker dat alle betalings uit sy fondse korrek gedoen word en behoorlik gemagtig is en dat toereikende beheer gehandhaaf word oor sy bates, of dié in sy bewaring, en die aangaan van verpligtinge; en

(*b*) so gou moontlik na die einde van die boekjaar finansiële jaarstate opstel wat geld ontvang en uitgawes aangegaan en sy bates en laste aan die einde van die betrokke boekjaar moet toon.

(10) Die boekjaar van SAEHA loop op 31 Maart van elke jaar ten einde.

(11) Die rekeninge en finansiële jaarstate in subartikel (9)(*b*) bedoel, moet deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.

(12) Die rekeninge en finansiële jaarstate in subartikel (9)(*b*) bedoel, moet beskikbaar wees vir openbare insae.

**Verslae**

**22.** (1) So gou doenlik na die einde van die boekjaar moet SAEHA 'n verslag oor al sy bedrywighede gedurende daardie boekjaar opstel en aan die Minister voorlê, insluitende 'n balansstaat en state van inkomste en uitgawes wat deur die Ouditeur-generaal gesertifiseer is.

(2) Die verslag in subartikel (1) bedoel, moet 'n beskrywing van die toestand van die nasionale erfenis gedurende die tydperk waarop die verslag betrekking het, insluitende vernietiging en ander verliese gely, bedreigings vir spesifieke erfenishulpbronne of kategorieë erfenishulpbronne, en 'n verslag van misdrywe en vervolgings en die uitkoms daarvan insluit.

(3) Die Minister moet die verslag in subartikel (1) bedoel in die Parlement ter tafel lê binne 14 dae na ontvangs daarvan indien die Parlement dan in gewone sessie is of, indien die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, binne 14 dae na die begin van sy volgende gewone sessie.

**Instelling van provinsiale erfenishulpbronowerhede**

**23.** 'n LUR kan 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid instel wat verantwoordelik is vir die bestuur van die betrokke erfenishulpbronne binne die provinsie, wat 'n regspersoon is wat bevoeg is om eisend en verwerend op te tree in sy korporatiewe naam en wat beheer word deur 'n Raad saamgestel soos voorgeskryf by regulasies wat in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word: Met dien verstande dat die lede van die raad aangestel moet word op 'n wyse wat die beginsels van deursigtigheid en verteenwoordigendheid toepas en spesiale bevoegdheid, ondervinding en belangstelling op die gebied van erfenishulpbronne in aanmerking neem.

**Funksies, bevoegdhede en pligte van provinsiale erfenishulpbronowerheid**

**24.** (1) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid moet—

(*a*) die LUR adviseer oor die implementering van hierdie Wet of tersaaklike provinsiale of munisipale wetgewing;

(*b*) jaarliks 'n verslag aan die LUR voorlê met betrekking tot sy werksaamhede gedurende daardie jaar;

(*c*) die stelselmatige identifisering, aantekening en evaluering van erfenishulpbronne en erfenisvoorwerpe wat deel van die nasionale besit in 'n provinsie uitmaak, bevorder;

(*d*) erfenishulpbronne in 'n provinsie wat voldoen aan die erfenisevaluerings-maatstawwe kragtens artikel 7(1) voorgeskryf vir Graad II-status, beskerm en bestuur;

(*e*) SAEHA in kennis stel van die aanwesigheid van enige erfenishulpbron in die provinsie wat na sy mening voldoen aan die erfenisevalueringsmaatstawwe kragtens artikel 7(1) voorgeskryf vir Graad I-status, sodanige hulpbron benoem vir beskerming op nasionale vlak en SAEHA voorsien van die inligting in sy besit rakende sodanige hulpbron;

(*f*) databasisse oor erfenishulpbronne in ooreenstemming met nasionale standaarde in stand hou, en SAEHA met gereelde tussenposе van sodanige data voorsien;

(*g*) beleid, oogmerke en strategieplanne vir die bestuur van erfenishulpbronne in die provinsie opstel;

(*h*) die bekwaamheid van plaaslike owerhede om erfenishulpbronne te bestuur, bepaal in ooreenstemming met die nasionale stelsel vir die erfenisgradering van plaaslike owerhede kragtens artikel 8(6) voorgeskryf;

(*i*) die prestasie van plaaslike owerhede in die nakoming van hulle verantwoordelikhede ingevolge hierdie Wet en provinsiale erfeniswetgewing koördineer en moniteer;

(j) plaaslike owerhede bystaan om erfenishulpbronne in hulle regsgebiede te bestuur; en

(k) voorsiening maak vir enige verantwoordelikheidsgebiede ingevolge hierdie Wet of provinsiale erfeniswetgewing wanneer 'n plaaslike owerheid nie oor die bevoegdheid beskik nie, of onvoldoende kapasiteit het, om 'n funksie te verrig ooreenkomstig die maatstawwe voorgeskryf kragtens artikel 8(6).

**Algemene bevoegdhede en pligte van erfenisowerhede**

**25.** (1) 'n Erfenishulpbronowerheid moet—

(a) inligting, advies en bystand verleen om openbare sensitiwiteit vir en bewustheid van die behoefte aan die bestuur van die nasionale besit te verhoog;

(b) 'n lys van bewaringsliggame byhou wat, in ooreenstemming met regulasies van die betrokke erfenishulpbronowerheid, hulle belang geregistreer het in—

(i) 'n geografiese gebied; of

(ii) 'n kategorie van erfenishulpbronne;

(c) erfenishulpbronne wat formeel beskerm word deur die betrokke erfenishulpbronowerheid ingevolge enige bepaling van Deel I van Hoofstuk II, gereeld inspekteer;

(d) poog om enige gemeenskap of liggaam van persone met 'n gevestigde belang by enige erfenishulpbron by te staan om redelike toegang tot sodanige erfenishulpbron te verkry, indien hulle dit sou versoek, en kan vir hierdie doel—

(i) onderhandelinge met die eienaar van sodanige hulpbron aanknoop;

(ii) die tref van sodanige reëlings as wat nodig is om sodanige toegang te verseker, fasiliteer, insluitende die uitvoering van 'n erfenisooreenkoms kragtens artikel 42; en

(iii) indien die onderhandelinge onsuksesvol is, die saak na die Minister of die LUR, na gelang van die geval, verwys; en

(e) reëlings tref om die beskerming en bestuur te verseker van alle erfenishulpbronne en eiendom wat deur hom besit of beheer word of wat by hom berus.

(2) 'n Erfenishulpbronowerheid kan—

(a) navorsing bevorder en onderneem betreffende die identifisering, evaluering en bestuur van die nasionale besit wat nodig is vir die verrigting van sy funksies;

(b) enige kennis en inligting rakende die nasionale besit en enige van sy funksies of bedrywighede publiseer of op enige ander wyse beskikbaar stel of in enige vorm versprei, of dit laat publiseer of versprei;

(c) enige erfenishulpbron ondersoek of dokumenteer—

(i) wat die potensiaal het om ingevolge die bepalings van hierdie Wet beskerm te word;

(ii) wat aldus beskerm word of wat die erfenishulpbronowerheid rede het om te vermoed dat dit aldus beskerm behoort te word; of

(iii) wat hy wil dokumenteer vir navorsingsdoeleindes, vir doeleindes van die opbou van 'n openbare rekord van erfenishulpbronne of as deel van 'n ondersoek na 'n verdagte misdryf ingevolge hierdie Wet,

en moet 'n register van sulke ondersoeke byhou;

(d) telkens wanneer hy die wenslikheid ondersoek van die beskerming van enige plek ingevolge hierdie Wet, sodanige stappe doen as wat hy nodig ag—

(i) om bakens op te rig op die hoeke van sodanige plek en om sodanige plek op te meet of 'n diagram of plan daarvan op te stel; of

(ii) om deur opmeting die ligging van sodanige plek of voorwerp vas te stel met betrekking tot die bakens en grense van die grond waarop dit geleë is;

(e) die aanbieding van enige plek onder sy beheer of, na oorleg met die betrokke Departement, enige erfenisterrein wat Staatseiendom is, onderneem of reëlings tref vir die aanbieding daarvan;

(f) by ooreenkoms met die betrokke owerheid of liggaam, saamwerk betreffende die bestuur van enige erfenishulpbron wat deur die Staat of 'n ondersteunde liggaam besit of beheer word;

*(g)* enige ding onder sy beheer aan 'n museum of openbare instelling leen, behoudens sodanige voorwaardes as wat hy nodig en geskik ag;

*(h)* behoudens die bepalings van artikel 59, regulasies uitvaardig en van tyd tot tyd wysig betreffende enige aangeleentheid wat die betrokke erfenishulpbronowerheid nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde sy funksies en pligte te verrig en sy bevoegdhede uit te oefen kragtens hierdie Wet, insluitende—

(i) die standaarde van praktyk en kwalifikasies wat van individue, instellings of ander liggame vereis word vir die verrigting van werk aan erfenishulpbronne wat beskerm word ingevolge, en op die verskillende terreine gedek deur, hierdie Wet; en

(ii) die monitering van bedrywighede op beskermde terreine;

*(i)* 'n wapen of 'n embleem vir die owerheid, enige van sy projekte of enige kategorie van beskerming waarvoor hierdie Wet voorsiening maak, skep en waar nodig by die toepaslike owerhede registreer;

*(j)* waar toepaslik, 'n wapen of ander teken wat die status daarvan aandui, op enige plek wat ingevolge hierdie Wet beskerm word, aanbring of andersins vertoon;

*(k)* produkte rakende die nasionale besit produseer, verkry en bemark, of reëlings tref vir die produksie, verkryging en bemarking van sulke produkte;

*(l)* koste verhaal wat deur hom aangegaan is en, waar toepaslik, geld vra vir die lewering van dienste ingevolge hierdie Wet, insluitende maar nie beperk nie tot—

(i) die verwerking van aansoeke wat ontvang is;

(ii) die instel van ondersoeke;

(iii) die produksie, verkryging en bemarking van produkte; en

(iv) die verstrekking van inligting;

*(m)* reëlings tref vir versekeringsdekking vir—

(i) homself teen enige verlies, skade, risiko of aanspreeklikheid wat hy kan ly of oploop betreffende enige eiendom onder sy beheer;

(ii) lede van die raad van 'n erfenishulpbronowerheid, gekoöpteerde lede, lede van komitees en lede van sy personeel, ten opsigte van liggaamlike besering, siekte, ongeskiktheid of dood opgedoen of veroorsaak geheel en al en regstreeks in die loop van die verrigting van hulle pligte ten behoewe van die betrokke erfenishulpbronowerheid;

*(n)* kontrakte sluit; en

*(o)* konsultante in diens neem om te help met die verrigting van sy funksies.

**Delegasie van funksies of bevoegdhede van erfenisowerhede**

**26.** (1) Behoudens subartikel (3) kan die Minister of LUR, na gelang van die geval, regulasies uitvaardig ten einde 'n erfenishulpbronowerheid in staat te stel om enige van sy funksies of bevoegdhede kragtens hierdie Wet skriftelik te delegeer aan enige van of al die volgende:

*(a)* In die geval van SAEHA, enige lid van die Raad;

*(b)* in die geval van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid, enige lid van sy raad;

*(c)* 'n komitee of enige lid van 'n komitee;

*(d)* 'n werknemer, erfenisinspekteur, vrywilliger of ander verteenwoordiger van die betrokke owerheid;

*(e)* vermelde ampsdraers of lede van 'n bewaringsliggaam wat ingevolge artikel 25(1)*(b)* by hom geregistreer is;

*(f)* in die geval van SAEHA, 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid, provinsiale regering, plaaslike owerheid en enige ander owerheid wat bevoegdheid toon om sodanige funksies te verrig, deur ooreenkoms met sodanige owerheid;

*(g)* in die geval van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid, 'n plaaslike owerheid of enige ander liggaam wat bevoeg is om sodanige funksies te verrig, deur ooreenkoms met sodanige owerheid of liggaam.

(2) 'n Bevoegdheid wat kragtens subartikel (1) gedelegeer is, wanneer dit deur die gedelegeerde uitgeoefen word, moet vir doeleindes van hierdie Wet geag word deur die betrokke erfenishulpbronowerheid uitgeoefen te wees: Met dien verstande dat 'n gedelegeerde teenoor die erfenishulpbronowerheid verantwoordingspligtig gehou moet word vir alle optredes deur hom of haar tydens die tydperk van delegasie.

(3) 'n Erfenisowerheid mag nie 'n bevoegdheid om enige van die volgende te doen, delegeer nie:

(a) Enige van sy funksies of bevoegdhede kragtens hierdie artikel delegeer;
(b) 'n aanbeveling aan die Minister of LUR doen ingevolge hierdie Wet;
(c) geld leen ingevolge artikel 21(5)(a);
(d) vaste eiendom verkry of daaroor beskik ingevolge artikel 21(5)(b) of (c); of
(e) enige verklaring van algemene beleid of bewaringsbestuursplan kragtens artikel 47 aanneem.

(4) 'n Delegasie ingevolge hierdie artikel kan na willekeur ingetrek word en geen sodanige delegasie verhinder die uitoefening van enige bevoegdheid deur die erfenishulpbronowerheid nie: Met dien verstande dat die delegering van enige bevoegdheid aan 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid ingevolge 'n ooreenkoms kragtens subartikel (1)(f) deur SAEHA herroep kan word slegs met die instemming van die Minister en nadat SAEHA met sodanige provinsiale erfenishulpbronowerheid oorleg gepleeg het.

## HOOFSTUK II

## BESKERMING EN BESTUUR VAN ERFENISHULPBRONNE

### *Deel 1: Formele beskermings*

Nasionale erfenisterreine en provinsiale erfenisterreine

**27.** (1) SAEHA moet plekke identifiseer met eienskappe wat so uitsonderlik is dat hulle van spesiale nasionale betekenis is ooreenkomstig die erfenisevalueringsmaatstawwe in artikel 3(2) uiteengesit en by artikel 6(1) en (2) voorgeskryf, en moet ondersoek instel na die wenslikheid daarvan om hulle tot nasionale erfenisterreine te verklaar.

(2) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid moet plekke identifiseer wat spesiale eienskappe het wat hulle belangrik maak in die konteks van die provinsie of 'n streek ooreenkomstig die erfenisevalueringsmaatstawwe in artikel 3(2) uiteengesit en by artikel 6(1) en (2) voorgeskryf, en moet ondersoek instel na die wenslikheid daarvan om hulle tot provinsiale erfenisterreine te verklaar.

(3) Enige persoon kan 'n benoeming aan SAEHA voorlê vir die verklaring van 'n plek tot 'n nasionale erfenisterrein, of aan 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid vir die verklaring van 'n plek tot 'n provinsiale erfenisterrein. Die betrokke erfenishulpbronowerheid kan die formaat en prosedures vir sulke benoemings voorskryf.

(4) Skriftelike motivering vir die verklaring van 'n plek tot 'n erfenisterrein moet deur die erfenishulpbronowerheid opgestel en op rekord gehou word.

(5) SAEHA kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige plek in subartikel (1) bedoel tot 'n nasionale erfenisterrein verklaar.

(6) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, enige plek in subartikel (2) bedoel en in die kennisgewing omskryf, tot 'n provinsiale erfenisterrein verklaar.

(7) Die betrokke erfenishulpbronowerheid kan, by soortgelyke kennisgewing—
(a) enige kennisgewing wat ingevolge subartikel (5) of (6) gepubliseer is, wysig; of
(b) enige kennisgewing wat ingevolge subartikel (5) of (6) of paragraaf (a) van hierdie subartikel gepubliseer is, intrek.

(8) Alvorens hy 'n plek tot 'n erfenisterrein verklaar, of 'n kennisgewing kragtens subartikel (7) wysig of herroep—
(a) moet die erfenishulpbronowerheid kennis gee aan die eienaar;
(b) moet die erfenishulpbronowerheid kennis gee aan die verbandhouer, die okkupeerder en enige ander persoon met 'n geregistreerde belang by die eiendom;
(c) moet die erfenishulpbronowerheid kennis gee aan alle bewaringsliggame wat hulle belang in die geografiese gebied waarin die voorgestelde erfenisterrein geleë is, ingevolge artikel 25(1)(b) geregistreer het, en hulle ten minste 60 dae gee om voorleggings oor die voorgestelde verklaring, wysiging of intrekking te doen en, in die geval van die eienaar, om voorwaardes voor te stel waarop die optrede aanvaarbaar sal wees. Alle voorleggings moet deur die erfenishulpbronowerheid oorweeg word alvorens 'n finale besluit geneem word; en

(d) moet die erfenishulpbronowerheid, alvorens hy die eienaar in kennis stel soos voorsien in paragraaf (a), aan die eienaar redelike geleentheid gee vir die voorlê van vertoë of die doen van voorleggings in verband met die voorgestelde kennisgewing.

(9) 'n Erfenishulpbronowerheid kan 'n kennisgewing wat hy ingevolge subartikel (8)(a) beteken het, te eniger tyd intrek.

(10) Vir doeleindes van subartikels (15) tot (22) word 'n plek geag as 'n erfenisterrein beskerm te wees vir ses maande vanaf die datum van betekening van 'n kennisgewing kragtens subartikel (8)(a) of totdat die kennisgewing ingetrek word of die plek tot 'n erfenisterrein verklaar word, wat ook al die kortste tydperk is.

(11) Behoudens subartikel (12), indien die eienaar beswaar maak teen die voorgestelde verklaring van 'n plek tot 'n erfenisterrein of voorwaardes voorstel wat die erfenishulpbronowerheid redelikerwys as onaanvaarbaar beskou, kan die erfenishulpbronowerheid voor die verval van die kennisgewing ingevolge subartikel (10) 'n nuwe kennisgewing ingevolge subartikel (8)(a) beteken, waarna die beskerming ingevolge subartikel (10) vir 'n verdere tydperk van ses maande verleng word. Indien oorlegpleging tussen die erfenishulpbronowerheid en die eienaar gedurende hierdie tydperk nie tot die terugtrekking van die eienaar se beswaar of die voorstel van aanvaarbare voorwaardes lei nie, kan die erfenishulpbronowerheid die plek tot 'n erfenisterrein verklaar.

(12) Die Minister, op advies van SAEHA, moet omstandighede voorskryf waarin die Staat, 'n plaaslike owerheid of 'n ondersteunde liggaam kan beswaar maak teen die verklaring tot 'n erfenisterrein van 'n plek wat hy besit of beheer.

(13) SAEHA moet die provinsiale erfenishulpbronowerheid en die provinsiale beplanningsowerheid en die plaaslike owerheid in wie se regsgebied 'n nasionale erfenisterrein val, binne 30 dae na die verklaring daarvan in kennis stel.

(14) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid moet SAEHA en die provinsiale beplanningsowerheid en die plaaslike owerheid in wie se regsgebied 'n provinsiale erfenisterrein val, binne 30 dae na die verklaring daarvan in kennis stel.

(15) SAEHA is verantwoordelik vir die beskerming van nasionale erfenisterreine in ooreenstemming met die bepalings van hierdie artikel.

(16) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid is verantwoordelik vir die beskerming van sy provinsiale erfenisterreine in ooreenstemming met die bepalings van hierdie artikel.

(17) Uitgesonderd in gevalle waar die erfenishulpbronowerheid dit as onvanpas beskou, moet alle erfenisterreine gemerk word met 'n wapen wat die status daarvan aandui.

(18) Niemand mag enige erfenisterrein vernietig, beskadig, ontsier, uitgrawe, verander, uit sy oorspronklike posisie verwyder, onderverdeel of die beplanningstatus daarvan verander nie sonder 'n permit uitgereik deur die erfenishulpbronowerheid wat vir die beskerming van daardie terrein verantwoordelik is.

(19) Die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid kan regulasies uitvaardig—

(a) om erfenisterreine te beskerm teen vernietiging, beskadiging, ontsiering, uitgrawing of verandering;

(b) om die voorwaardes van gebruik van enige erfenisterrein of die voorwaardes vir enige ontwikkeling daarvan te reguleer;

(c) om die toegang van lede van die publiek tot 'n erfenisterrein, en die gelde betaalbaar vir sodanige toegang, te reguleer.

(20) Enige vertakking van die Staat of 'n ondersteunde liggaam wat die eienaar van 'n erfenisterrein is, moet sodanige terrein in stand hou ooreenkomstig 'n minimumstandaard en ooreenkomstig 'n prosedure voorgeskryf deur die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid na oorleg met die betrokke Departement van Werke.

(21) Die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid kan, by ooreenkoms met die eienaar van 'n erfenisterrein—

(a) sodanige erfenisterrein bewaar of verbeter;

(b) heinings, mure of hekke rondom of op sodanige erfenisterrein oprig;

(c) 'n toegangspad na sodanige erfenisterrein oor enige grond verkry of bou en in stand hou, en heinings, mure of hekke op sodanige grond oprig; of

(d) tekens op of naby sodanige erfenisterrein oprig.

(22) Niemand mag enige heining, muur of hek of teken wat ingevolge subartikel (21) deur 'n erfenishulpbronowerheid opgerig is, beskadig nie.

(23) *(a)* Alle reproduksieregte, hetsy in twee of drie dimensies, ten opsigte van 'n erfenisterrein, behoudens enige bestaande regte en die instemming van die eienaar van sodanige terrein, behoort aan die Staat en berus by die erfenishulpbronowerheid verantwoordelik vir die beskerming van sodanige terrein of, volgens ooreenkoms, by die owerheid of openbare instelling verantwoordelik vir die bestuur van sodanige terrein.

*(b)* Behoudens die bepalings van paragraaf *(a)*, mag niemand anders as die eienaar van die terrein enige sodanige reproduksie vir wins doen nie sonder 'n permit uitgereik deur SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid, na gelang van die geval, wat die gelde betaalbaar ten opsigte van sodanige reproduksie kan voorskryf en sodanige gelde moet stort in 'n trustfonds toegewy aan die bewaring van sodanige terrein of van erfenishulpbronne in die algemeen.

**Beskermde gebiede**

**28.** (1) SAEHA, met die toestemming van die eienaar van 'n area, kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* as 'n beskermde gebied aanwys—

*(a)* sodanige stuk grond rondom 'n nasionale erfenisterrein as wat redelikerwys nodig is om die beskerming en redelike genieting van sodanige terrein te verseker of om die uitsig op en van sodanige terrein te beskerm; of

*(b)* sodanige stuk grond rondom enige wrak as wat redelikerwys nodig is om die beskerming daarvan te verseker; of

*(c)* die stuk grond wat deur 'n mynhoop bedek is.

(2) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid, met die toestemming van die eienaar van 'n area, kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* as 'n beskermde gebied aanwys—

*(a)* sodanige stuk grond rondom 'n provinsiale erfenisterrein as wat redelikerwys nodig is om die beskerming en redelike genieting van sodanige terrein te verseker of om die uitsig op en van sodanige terrein te beskerm; of

*(b)* sodanige stuk grond rondom 'n argeologiese of paleontologiese terrein of meteoriet wat redelikerwys nodig is om die beskerming daarvan te verseker.

(3) Niemand mag enige deel van 'n beskermde gebied beskadig, ontsier, verander, onderverdeel of op enige ander wyse ontwikkel nie tensy hy of sy ten minste 60 dae voor die begin van sodanige veranderinge oorleg gepleeg het met die erfenishulpbronowerheid wat sodanige gebied aangewys het, volgens 'n prosedure deur daardie owerheid voorgeskryf.

(4) Met betrekking tot 'n stuk grond wat deur 'n mynhoop bedoel in subartikel (1)*(c)* bedek word, moet SAERA regulasies uitvaardig wat voorsiening maak vir die beskerming van sodanige areas wat blyk van nasionale belang te wees in oorleg met die eienaar, die Minister van Minerale en Energie en belanghebbende en geaffekteerde partye in die mynbougemeenskap.

(5) 'n Erfenishulpbronowerheid kan regulasies uitvaardig wat voorsiening maak vir spesifieke beskerming vir enige beskermde gebied wat hy aangewys het, insluitende die verbied of beheer van vermelde bedrywighede deur enige persoon in die aangewese gebied.

(6) 'n Plaaslike owerheid kan, met die instemming van die erfenishulpbronowerheid wat 'n beskermde gebied aangewys het, in sy stadsbeplanningskema of in verordeninge voorsiening maak vir die bestuur van sodanige gebied.

**Voorlopige beskerming**

**29.** (1) SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid kan, behoudens subartikel (4), by kennisgewing in die *Staatskoerant* of die *Provinsiale Koerant*, na gelang van die geval—

*(a)* voorlopige beskerming vir 'n maksimum tydperk van twee jaar verleen aan enige—

(i) beskermde gebied;

(ii) erfenishulpbron waarvan hy die bewaring as bedreig beskou en welke bedreiging na sy mening deur onderhandeling en oorlegpleging vermin-der kan word; of

(iii) erfenishulpbron waarvan SAEHA of die provinsiale erfenishulpbronowerheid die bewaring ingevolge hierdie Wet wil ondersoek; en

*(b)* enige kennisgewing wat kragtens paragraaf *(a)* gepubliseer is, intrek.

(2) 'n Plaaslike owerheid kan, behoudens subartikel (4), by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*—

(*a*) voorlopige beskerming vir 'n maksimum tydperk van drie maande verleen aan enige plek wat hy as bewarenswaardig beskou, indien die plaaslike owerheid die bewaring daarvan as bedreig beskou en welke bedreiging na sy mening deur onderhandeling en oorlegpleging verminder kan word; en

(*b*) enige kennisgewing wat ingevolge paragraaf (*a*) gepubliseer is, herroep: Met dien verstande dat hy die provinsiale erfenishulpbronowerheid in kennis moet stel binne sewe dae na sodanige voorlopige beskerming.

(3) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, 'n voorlopige beskerming deur 'n plaaslike owerheid kragtens subartikel (2) herroep of 'n plek ooreenkomstig subartikel (1) voorlopig beskerm.

(4) 'n Erfenishulpbronowerheid of 'n plaaslike owerheid mag nie 'n erfenishulpbron voorlopig beskerm nie tensy hy die eienaar van die hulpbron skriftelik in kennis gestel het van die voorgestelde voorlopige beskerming.

(5) 'n Erfenishulpbron word geag voorlopig beskerm te wees vir 30 dae na die datum van betekening van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (4) of totdat die kennisgewing ingetrek word of die hulpbron voorlopig beskerm word by kennisgewing in die *Staatskoerant* of die *Provinsiale Koerant*, wat ook al die kortste tydperk is.

(6) 'n Erfenishulpbronowerheid of 'n plaaslike owerheid kan 'n kennisgewing wat hy ingevolge subartikel (4) uitgereik het, te eniger tyd intrek.

(7) SAEHA moet die betrokke provinsiale erfenishulpbronowerheid en plaaslike owerheid in kennis stel binne 30 dae na die publikasie of herroeping van 'n kennisgewing kragtens subartikel (1).

(8) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid moet die betrokke plaaslike owerheid in kennis stel binne 30 dae na die publikasie of herroeping van 'n kennisgewing kragtens subartikel (1).

(9) 'n Plaaslike owerheid moet die provinsiale erfenishulpbronowerheid in kennis stel binne 30 dae na die herroeping van 'n kennisgewing kragtens subartikel (2)(*b*).

(10) Niemand mag 'n voorlopig beskermde plek of voorwerp beskadig, ontsier, uitgrawe, verander, uit sy oorspronklike posisie verwyder, onderverdeel of die beplanningstatus daarvan verander sonder 'n permit uitgereik deur die erfenishulpbronowerheid of plaaslike owerheid verantwoordelik vir die voorlopige beskerming nie.

**Erfenisregisters**

**30.** (1) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid moet 'n erfenisregister opstel en byhou, waarin die erfenishulpbronne in die provinsie gelys word wat hy as bewarenswaardig beskou ooreenkomstig die erfenisevalueringsmaatstawwe in artikel 3(3) uiteengesit en kragtens artikel 7 voorgeskryf.

(2) Behoudens subartikel (7) kan 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* 'n erfenishulpbron in 'n register opneem of 'n inskrywing in 'n erfenisregister wysig of skrap.

(3) Erfenishulpbronne moet gelys word in ooreenstemming met—

(*a*) die subkategorieë van Graad II- en Graad III-erfenishulpbronne kragtens artikel 7 voorgeskryf, as daar is;

(*b*) die regsgebiede van plaaslike owerhede; en

(*c*) enige bykomende kategorieë voorgeskryf deur die provinsiale erfenishulpbronowerheid in oorleg met SAEHA.

(4) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid moet die prosedure en inligting voorskryf wat nodig is vir—

(*a*) die benoeming van 'n hulpbron vir opname in 'n erfenisregister; en

(*b*) die opstel van 'n inventaris van erfenishulpbronne in subartikel (5) bedoel, waarvoor daar ten minste voldoen moet word aan sodanige minimum standaarde as wat deur SAEHA voorgeskryf word vir die aantekening van inligting kragtens artikel 39.

(5) Ten tyde van die opstel of hersiening van 'n stads- of streekbeplanningskema of 'n ruimtelike ontwikkelingsplan, of op enige ander tyd waarop hy besluit, of op inisiatief van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid waar die behoefte na die mening van sodanige owerheid bestaan, moet 'n beplanningsowerheid 'n inventaris opstel van die erfenishulpbronne wat binne sy regsgebied val en sodanige inventaris aan die betrokke provinsiale erfenishulpbronowerheid voorlê, wat die erfenishulpbronne wat voldoen aan die evalueringsmaatstawwe in subartikel (1) bedoel, in die erfenisregister moet aanteken.

(6) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid kan 'n inventaris van erfenishulpbronne wat deur enigiemand aan hom voorgelê is, goedkeur vir opname in die erfenisregister.

(7) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid mag nie 'n plek in 'n erfenisregister aanteken nie sonder dat hy met die eienaar van sodanige plek oorleg gepleeg het oor onder andere die bepalings wat kragtens subartikel (11) ingestel moet word vir die beskerming van die plek.

(8) Die LUR kan, na oorleg met die LUR vir plaaslike regering, die proses van oorlegpleging in subartikel (7) bedoel, voorskryf.

(9) By publikasie van 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* betreffende die opname in die erfenisregister van 'n plek binne sy regsgebied, of die wysiging of skrapping van 'n inskrywing vir sodanig plek, moet 'n plaaslike owerheid die eienaar van sodanige plek in kennis stel.

(10) 'n Plaaslike owerheid moet SAEHA en die provinsiale erfenishulpbronowerheid in kennis stel wanneer 'n plek in sy regsgebied wat in die erfenisregister opgeneem is, vernietig is, waarna die provinsiale erfenishulpbronowerheid die vernietiging van die plek moet aanteken teenoor die inskrywing in die erfenisregister vir daardie plek, en SAEHA moet sodanige vernietiging in die inventaris van die nasionale besit aanteken.

(11) Binne ses maande na die publikasie van 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* betreffende die insluiting in die erfenisregister van 'n plek wat in sy regsgebied val, moet elke plaaslike owerheid voorsiening maak vir die beskerming van sodanige plek deur middel van die bepalings van sy beplanningskema of verordeninge kragtens hierdie Wet: Met dien verstande dat enige sodanige beskermingsbepalings gesamentlik goedgekeur moet word deur die provinsiale erfenishulpbronowerheid, die betrokke plaaslike owerheid en die provinsiale beplanningsowerheid: Met dien verstande voorts dat—

*(a)* die spesiale instemming van die plaaslike owerheid vereis word vir enige verandering aan of ontwikkeling rakende 'n plek wat in die erfenisregister opgeneem is;

*(b)* die plaaslike owerheid, voor die oorweging van 'n aansoek kragtens paragraaf *(a)*, enige bewaringsliggame in kennis moet stel wat, kragtens artikel 25(1)*(b)*, hulle belangstelling in die geografiese gebied of tipe eiendom geregistreer het en hulle 'n redelike tyd gun om 'n beswaar aanhangig te maak of ander vertoë met betrekking tot die aansoek te rig;

*(c)* die plaaslike owerheid by die evaluering van 'n aansoek kragtens paragraaf *(a)* oorweging moet skenk aan—

(i) die kulturele betekenis van die plek en hoe dit deur die voorgestelde verandering of ontwikkeling geraak kan word; en

(ii) enige beswaar of vertoë kragtens paragraaf *(b)*;

*(d)* waar die plaaslike owerheid besluit om 'n aansoek kragtens paragraaf *(a)* goed te keur wat die kulturele betekenis van die plek wesenlik sal raak en 'n beswaar teen sodanige goedkeuring kragtens paragraaf *(b)* aanhangig gemaak is, tensy die betrokke bewaringsliggaam sodanige beswaar terugtrek, die beswaar geag moet word 'n appèl ingevolge artikel 49 te wees en die plaaslike owerheid die aansoek en alle tersaaklike inligting aan die betrokke appèlliggaam moet voorlê; en

*(e)* in die geval waar 'n verandering of ontwikkeling van 'n plek wat in 'n erfenisregister opgeneem is, gedoen word sonder die instemming van die plaaslike owerheid, die plaaslike owerheid die eienaar kan gelas om sodanige werk onmiddellik te staak en die terrein binne 'n bepaalde tydperk tot sy vorige toestand te herstel. Indien die eienaar versuim om aan die plaaslike owerheid se vereistes te voldoen, het die plaaslike owerheid die reg om sodanige restourasiewerk self te doen en die koste daarvan van die eienaar te verhaal.

(12) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid of 'n plaaslike owerheid in wie se regsgebied sodanige terrein geleë is, kan enige plek in 'n inventaris in subartikels (5) en (6) bedoel voorlopig beskerm: Met dien verstande dat sodanige voorlopige beskerming ingetrek moet word wanneer die plek in die erfenisregister opgeneem word.

(13) 'n Plaaslike owerheid kan enige plek wat binne sy regsgebied val en in 'n erfenisregister opgeneem is, merk met 'n wapen wat die status daarvan aandui.

(14) Die insluiting van 'n plek in 'n erfenisregister stel geen persoon vry van voldoening aan die bepalings van artikels 35 en 36 nie.

**Erfenisgebiede**

**31.** (1) 'n Beplanningsowerheid moet ten tyde van die hersiening van 'n stads- of streekbeplanningskema, of die opstel of hersiening van 'n ruimtelike ontwikkelingsplan, of op inisiatief van die provinsiale erfenishulpbronowerheid waar die behoefte na

die mening van die provinsiale erfenishulpbronowerheid bestaan, ondersoek instel na die behoefte aan die aanwysing van erfenisgebiede om enige plek van omgewings- of kulturele belang te beskerm.

(2) Waar die provinsiale erfenishulpbronowerheid van mening is dat dit nodig is om 'n plek van omgewings- of kulturele belang as 'n erfenisgebied te beskerm, kan hy 'n beplanningsowerheid versoek om sy aanwysing te ondersoek in ooreenstemming met voorstelle deur die provinsiale erfenishulpbronowerheid voorgelê met sy versoek. Die beplanningsowerheid moet die provinsiale erfenishulpbronowerheid binne 60 dae na ontvangs van so 'n versoek in kennis stel of hy gewillig of in staat is om aan die versoek te voldoen.

(3) Waar die beplanningsowerheid die provinsiale erfenishulpbronowerheid in kennis stel dat hy gewillig en in staat is om aan die versoek te voldoen, moet die provinsiale erfenishulpbronowerheid die beplanningsowerheid help om die aanwysing van die plek as 'n erfenisgebied te ondersoek.

(4) Waar die beplanningsowerheid die provinsiale erfenishulpbronowerheid nie aldus in kennis stel nie, of die provinsiale erfenishulpbronowerheid inlig dat hy nie aldus gewillig en in staat is nie, kan die provinsiale erfenishulpbronowerheid die aanwysing van die plek as 'n erfenisgebied ondersoek en, met die goedkeuring van die LUR, sodanige plek as 'n erfenisgebied aanwys by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

(5) 'n Plaaslike owerheid kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* enige gebied of grond as 'n erfenisgebied aanwys op grond van die omgewings- of kulturele belang daarvan of die aanwesigheid van erfenishulpbronne: Met dien verstande dat hy voor sodanige aanwysing moet oorleg pleeg met—

(*a*) die provinsiale erfenishulpbronowerheid; en

(*b*) eienaars van eiendom in die gebied en enige geaffekteerde gemeenskap,

betreffende onder andere die bepalings wat ingevolge subartikel (7) vir die beskerming van die gebied toegepas moet word.

(6) Die LUR kan, na oorleg met die LUR verantwoordelik vir plaaslike regering, regulasies uitvaardig wat die proses van oorlegpleging in subartikel (5) bedoel, uiteensit.

(7) 'n Plaaslike owerheid moet vir die beskerming van 'n erfenisgebied voorsiening maak deur middel van die bepalings van sy beplanningskema of verordeninge kragtens hierdie Wet: Met dien verstande dat enige sodanige beskermingsbepalings gesamentlik goedgekeur moet word deur die provinsiale erfenishulpbronowerheid, die provinsiale beplanningsowerheid en die plaaslike owerheid: Met dien verstande voorts dat—

(*a*) die spesiale instemming van die plaaslike owerheid vereis word vir enige verandering of ontwikkeling rakende 'n erfenisgebied;

(*b*) by die oorweging van 'n aansoek kragtens paragraaf (*a*), die plaaslike owerheid die betekenis van die gebied en hoe dit deur die voorgestelde verandering of ontwikkeling geraak kan word, moet oorweeg; en

(*c*) in die geval waar 'n verandering of ontwikkeling in 'n erfenisgebied gedoen word sonder die instemming van die plaaslike owerheid, die plaaslike owerheid die bevoegdheid het om van die eienaar te vereis om sodanige werk onmiddellik te staak en die terrein binne 'n bepaalde tydperk tot sy vorige toestand te herstel. Indien die eienaar versuim om aan die plaaslike owerheid se vereistes te voldoen, het die plaaslike owerheid die reg om sodanige restourasiewerk self te doen en die koste daarvan van die eienaar te verhaal.

(8) 'n Plaaslike owerheid kan tekens wat die status daarvan aandui, op of naby 'n erfenisgebied oprig.

(9) Verdere beskerming kan ingevolge hierdie Wet of ander erfeniswetgewing aan bepaalde plekke binne 'n erfenisgebied verleen word, benewens die algemene bepalings wat die gebied beheer.

**Erfenisvoorwerpe**

**32.** (1) 'n Voorwerp of versameling voorwerpe, of 'n tipe voorwerp of lys voorwerpe, hetsy spesifiek of generies, wat deel van die nasionale besit is en waarvan die uitvoer deur SAEHA nodig geag word om te beheer, kan tot 'n erfenisvoorwerp verklaar word, insluitende—

(*a*) voorwerpe herwin uit die grond of waters van Suid-Afrika, insluitende argeologiese en paleontologiese voorwerpe, meteoriete en seldsame geologiese eksemplare;

(*b*) beeldendekunsvoorwerpe;

(*c*) militêre voorwerpe;

(*d*) numismatiese voorwerpe;

(e) voorwerpe van kulturele of historiese betekenis;

(f) voorwerpe waaraan mondelinge tradisies geheg word en wat met lewende erfenis geassosieer word;

(g) voorwerpe van wetenskaplike of tegnologiese belang;

(h) boeke, rekords, dokumente, fotografiese positiewe en negatiewe, grafiese materiaal, film- of video- of klankopnames, uitgesonderd publieke rekords soos omskryf in artikel 1(xiv) van die Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996), of in 'n provinsiale wet oor rekords of argiewe; en

(i) enige ander voorgeskrewe kategorie.

(2) Vir doeleindes van hierdie artikel word 'n voorwerp binne 'n tipe voorwerpe wat tot 'n erfenisvoorwerp verklaar is, geag 'n erfenisvoorwerp te wees.

(3) Alvorens enige voorwerp beoog in subartikel (1) tot 'n erfenisvoorwerp verklaar word, kan SAEHA aan die eienaar sodanige vooraf geleentheid gee vir die voorlê van vertoë of die doen van voorleggings in verband met die voorgestelde verklaring as wat in die omstandighede doenlik is en op die wyse wat voorgeskryf word. Niks hierin vervat verplig SAEHA om sodanige vooraf geleentheid te gee indien die omstandighede dit nie toelaat nie.

(4) SAEHA, met die goedkeuring van die Minister, kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(a) 'n voorwerp, of 'n versameling daarvan, of 'n tipe voorwerp of lys voorwerpe, hetsy spesifiek of generies, tot 'n erfenisvoorwerp verklaar;

(b) enige kennisgewing wat kragtens paragraaf (a) gepubliseer is, wysig; of

(c) enige kennisgewing wat kragtens paragraaf (a) gepubliseer is of kragtens paragraaf (b) gewysig is, herroep.

(5) SAEHA mag nie sy bevoegdheid kragtens subartikel (4) uitoefen nie tensy—

(a) in die geval van 'n spesifieke voorwerp of versameling, hy 'n kennisgewing van sy voorneme aan die eienaar beteken het en hom of haar ten minste 60 dae gegee het om 'n beswaar aanhangig te maak of redelike voorwaardes voor te stel betreffende die sorg en bewaring van sodanige voorwerp waarop sodanige verklaring aanvaarbaar is; of

(b) in die geval van 'n tipe voorwerpe, hy—

(i) 'n kennisgewing van voorlopige verklaring in die *Staatskoerant* gepubliseer het;

(ii) deur openbare advertensie en enige ander middele wat hy geskik ag, die uitwerking van die verklaring en die doel daarvan in die openbaar bekend gemaak het; en

(iii) enige belanghebbende persone wat moontlik nadelig geraak kan word, uitgenooi het om voorleggings te maak of besware aanhangig te maak by SAEHA binne 60 dae na die datum van die kennisgewing,

en al sodanige voorleggings en besware oorweeg het.

(6) 'n Voorwerp of versameling word geag as 'n erfenisvoorwerp beskerm te wees vir ses maande na die datum van betekening of publikasie van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (5)(a) of (5)(b)(i), of totdat sodanige kennisgewing ingetrek word of die voorwerp of versameling of tipe voorwerpe tot 'n erfenisvoorwerp verklaar is, wat ook al die kortste tydperk is.

(7) SAEHA moet 'n register van erfenisvoorwerpe byhou waarin alle voorwerpe, versamelings voorwerpe en tipes voorwerpe wat tot erfenisvoorwerpe verklaar is, gelys moet word.

(a) Die register moet in twee dele wees:

(i) Deel I: Erfenisvoorwerpe gelys volgens tipe;

(ii) Deel II A: Spesifieke erfenisvoorwerpe soos gelys in die inventaris van 'n openbare museum in Suid-Afrika of andersins uitgestal of gehou in veilige toestande;

(iii) Deel II B: Ander spesifieke erfenisvoorwerpe.

(b) SAEHA kan die verdere verdeling van die dele van die register in kategorieë of ander onderverdelings voorskryf.

(8) SAEHA moet, behoudens subartikel (9), 'n opsomming van inligting in die register vervat, aan die publiek beskikbaar stel.

(9) Waar dit nodig is om die behoorlike beskerming te verseker van 'n erfenisvoorwerp wat in die register aangeteken is, mag geen inligting wat die ligging van die voorwerp kan identifiseer, vir enige persoon toeganklik wees nie, uitgesonderd met die uitdruklike instemming van SAEHA, vir so lank as wat SAEHA bepaal.

(10) SAEHA kan enige persoon of enige instelling in Suid-Afrika aanwys as 'n deskundige ondersoeker vir doeleindes van hierdie artikel, op die grondslag van sy of haar spesiale kennis.

(11) SAEHA kan die eienaar of bewaarder van 'n erfenisvoorwerp in Deel II van die register van erfenisvoorwerpe gelys, voorsien van 'n sertifikaat of wapen wat die status daarvan aandui.

(12) Die eienaar van 'n erfenisvoorwerp wat in Deel II van die register van erfenisvoorwerpe gelys is, moet SAEHA in kennis stel van die naam en adres van die nuwe eienaar wanneer sodanige voorwerp verkoop of andersins vervreem word en moet die nuwe eienaar of bewaarder voorsien van enige sertifikaat of wapen wat kragtens subartikel (11) rakende sodanige erfenisvoorwerp voorsien is.

(13) Niemand mag enige erfenisvoorwerp vernietig, beskadig, ontsier of verander nie of enige versameling wat in Deel II van die register gelys is, uitmekaar maak nie, sonder 'n permit deur SAEHA uitgereik.

(14) SAEHA kan regulasies uitvaardig betreffende die registrasie van handelaars in erfenisvoorwerpe en die beheer van die handel in erfenisvoorwerpe.

(15) Dit is die verantwoordelikheid van die eienaar of bewaarder van 'n erfenisvoorwerp wat in Deel II van die register van erfenisvoorwerpe gelys is, in 'n goeie toestand en op 'n veilige plek te hou.

(16) Die eienaar of bewaarder van 'n erfenisvoorwerp wat in Deel II van die register van erfenisvoorwerpe gelys is, moet enige verlies van of skade aan sodanige erfenisvoorwerp of enige deel daarvan onmiddellik na ontdekking van sodanige verlies of skade aan SAEHA rapporteer.

(17) Niemand mag enige werk of restourasie of herstelwerk aan 'n erfenisvoorwerp wat in Deel II van die register van erfenisvoorwerpe gelys is, uitvoer nie sonder 'n permit wat deur 'n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van SAEHA uitgereik is.

(18) Op aansoek deur die eienaar of bewaarder kan SAEHA na goeddunke bystand verleen met die befondsing van enige restourasiewerk of herstelwerk aan 'n erfenisvoorwerp wat in Deel II van die register van erfenisvoorwerpe gelys is, wat onderneem word deur 'n restourasie- of herstelvakman wat deur SAEHA goedgekeur is.

(19) Niemand mag enige erfenisvoorwerp uit Suid-Afrika uitvoer of probeer om dit uit te voer nie sonder 'n permit deur SAEHA uitgereik.

(20) Geen erfenisvoorwerp mag uit Suid-Afrika verwyder word nie op 'n ander wyse as deur 'n doeanepos, en die tersaaklike uitvoerpermit uitgereik kragtens subartikel (19) of die sertifikaat van vrystelling uitgereik kragtens subartikel (32) moet aan 'n doeanebeampte getoon word voordat verwydering uit Suid-Afrika geskied of toegelaat word.

(21) 'n Aansoek om so 'n uitvoerpermit moet gedoen word op die wyse en moet die inligting bevat wat deur SAEHA voorgeskryf word.

(22) By ontvangs van 'n aansoek om 'n erfenisvoorwerp uit te voer, kan SAEHA dit na een of meer deskundige ondersoekers verwys, wat 'n skriftelike verslag oor die aansoek aan SAEHA moet voorlê.

(23) SAEHA moet die verslag oorweeg en—

*(a)* 'n permit om die betrokke voorwerp uit te voer uitreik, behoudens sodanige voorwaardes (as daar is) as wat SAEHA nodig ag; of

*(b)* weier om 'n permit uit te reik.

(24) By die evaluering van 'n aansoek om 'n voorwerp van 'n tipe in Deel I van die register van erfenisvoorwerpe gelys, permanent uit te voer, moet 'n deskundige ondersoeker en SAEHA dit oorweeg of die voorwerp—

*(a)* van uitstaande betekenis is omrede die noue assosiasie daarvan met Suid-Afrikaanse geskiedenis of kultuur, die estetiese eienskappe daarvan of die waarde daarvan by die bestudering van die kunste of die wetenskap; en

*(b)* van sodanige nasionale belang is dat die verlies daarvan vir Suid-Afrika die nasionale erfenis in beduidende mate sal verminder;

en indien hulle seker is dat die voorwerp aan albei hierdie maatstawwe voldoen, mag hulle nie die uitreiking van 'n permit aanbeveel nie, of 'n permit uitreik nie, na gelang van die geval, om die voorwerp permanent uit te voer.

(25) Indien SAEHA weier om 'n permit uit te reik, kan die aansoeker binne 30 dae na sodanige weiering, by skriftelike kennisgewing die verpligte aankoop vereis van die erfenisvoorwerp waarop sodanige weiering betrekking het.

(26) By ontvangs van 'n kennisgewing kragtens subartikel (25) moet SAEHA—

*(a)* indien hy van mening is dat 'n billike aanbod om die betrokke voorwerp te koop moontlik binne die volgende ses maande gemaak sal word deur 'n persoon of openbare owerheid in Suid-Afrika, 'n vertragingstydperk van ten

minste twee maande en hoogstens ses maande instel waartydens 'n uitvoerpermit ten opsigte van sodanige voorwerp nie uitgereik mag word nie;

(*b*) ten behoewe van homself of ten behoewe van 'n openbare instelling of owerheid in Suid-Afrika of 'n persoon wat sal onderneem om die voorwerp in die land te hou, aanbied om die voorwerp te koop deur 'n onmiddellike kontantbetaling of deur betaling van vergoeding op 'n wyse wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies kan bepaal; of

(*c*) in enige ander geval, 'n permit uitreik om die betrokke voorwerp uit te voer.

(27) Waar SAEHA 'n vertragingstydperk kragtens subartikel (26)*(a)* ten opsigte van 'n erfenisvoorwerp bepaal—

(*a*) moet hy skriftelik kennis van die vertragingstydperk gee aan die aansoeker en die Minister;

(*b*) moet hy sodanige instellings en openbare owerhede in Suid-Afrika as wat hy goedvind, in kennis stel van die vertragingstydperk en van die voorwerp ten opsigte waarvan sodanige vertragingstydperk ingestel is;

(*c*) kan hy deur openbare advertensie of enige ander middele wat hy gepas ag, die vertragingstydperk en die voorwerp ten opsigte waarvan dit ingestel is, bekend maak; en

(*d*) kan hy bepaal dat die betrokke erfenisvoorwerp vir die duur van die vertragingstydperk op tydelike lening by 'n bepaalde Suid-Afrikaanse museum of openbare owerheid geplaas moet word.

(28) SAEHA kan in oorleg met die Minister 'n vertragingstydperk wat kragtens subartikel (25)*(a)* ingestel is, met 'n maksimum tydperk van twee jaar verleng.

(29) In die geval waar—

(*a*) daar gedurende 'n vertragingstydperk kragtens subartikel (26)*(a)* ingestel, 'n aanbod gemaak word om die betrokke erfenisvoorwerp te koop en die aansoeker en 'n openbare owerheid of persoon wat die aanbod maak, nie oor die bedrag wat 'n billike kontantaanbod uitmaak, kan ooreenkom nie; of

(*b*) SAEHA en die aansoeker nie oor die bedrag van 'n billike aanbod of vergoeding kragtens subartikel (26)*(b)* kan ooreenkom nie,

moet sodanige geskil gearbitreer word deur 'n paneel wat deur die Minister aangestel word, bestaande uit 'n gelyke getal verteenwoordigers van handelaars in erfenisvoorwerpe, museums en versamelaars van erfenisvoorwerpe, wat die bedrag moet bepaal wat 'n billike kontantaanbod uitmaak om sodanige erfenisvoorwerp te koop en die betrokke partye en SAEHA daarvan in kennis moet stel.

(30) Waar 'n vertragingstydperk ingestel kragtens subartikel (26)*(a)* verstryk sonder dat 'n billike aanbod gemaak word om die betrokke erfenisvoorwerp te koop, moet SAEHA onverwyld op versoek van die aansoeker 'n permit uitreik om sodanige erfenisvoorwerp uit te voer.

(31) Waar 'n vertragingstydperk ingestel kragtens subartikel (26)*(a)* verstryk en SAEHA tevrede is dat 'n billike aanbod gemaak is om die betrokke erfenisvoorwerp te koop, mag SAEHA nie 'n permit uitreik om sodanige erfenisvoorwerp uit te voer nie.

(32) Iemand wat van voorneme is om 'n voorwerp in te voer wat van 'n tipe is wat in Deel 1 van die register van erfenisvoorwerpe gelys is, vir tydelike doeleindes of in omstandighede waarin die persoon later die voorwerp kan wil uitvoer, kan by SAEHA aansoek doen om 'n sertifikaat van vrystelling wat die uitvoer van die betrokke voorwerp magtig vir die tydperk in die sertifikaat vermeld.

## Deel 2: Algemene beskerming

### Invoer van voorwerpe beskerm ingevolge wette van ander state

**33.** (1) Niemand mag enige buitelandse kulturele eiendom in Suid-Afrika invoer nie behalwe deur 'n doeanepos, en die uitvoerpermit of ander toestemming uitgereik in die land van herkoms van sodanige voorwerp moet aan 'n doeanebeampte getoon word voordat die invoer in Suid-Afrika geskied of toegelaat word.

(2) Na die inwerkingtreding van 'n kulturele eiendomsooreenkoms tussen Suid-Afrika en 'n wederkerende staat mag niemand enige buitelandse kulturele eiendom wat onwettig uit daardie wederkerende staat uitgevoer is, in Suid-Afrika invoer nie.

(3) 'n Doeanebeampte wat rede het om te vermoed dat 'n persoon probeer om 'n voorwerp in stryd met subartikel (1) of (2) in te voer, kan die betrokke voorwerp agterhou, en sodanige voorwerp moet in die bewaring van SAEHA gehou word tot tyd en wyl, hoogstens ses maande, 'n ondersoek na die herkoms van sodanige voorwerp afgehandel is.

(4) SAEHA kan, met die instemming van die Minister en die Minister van Buitelandse Sake, skakel en saamwerk met die owerheid verantwoordelik vir die beskerming van kulturele eiendom in enige wederkerende staat en kan ooreenkomste met enige sodanige owerheid aangaan met betrekking tot die terugstuur na die land van herkoms van enige erfenisvoorwerp of kulturele eiendom wat onwettig in Suid-Afrika of die wederkerende staat ingevoer is, hetsy spesifiek of in die algemeen.

**Strukture**

**34.** (1) Niemand mag enige struktuur of deel van enige struktuur wat ouer as 60 jaar is, verander of sloop sonder 'n permit deur die betrokke provinsiale erfenishulpbronowerheid uitgereik nie.

(2) Binne drie maande na die weiering deur die provinsiale erfenishulpbronowerheid om 'n permit uit te reik, moet hy oorweging skenk aan die beskerming van die betrokke plek ingevolge een van die formele aanwysings waarvoor daar in Deel 1 van hierdie Hoofstuk voorsiening gemaak word.

(3) Die provinsiale erfenishulpbronowerheid kan na goeddunke by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* vrystelling verleen van die vereistes van subartikel (1) binne 'n omskrewe geografiese gebied, of vir sekere omskrewe kategorieë terreine binne 'n omskrewe geografiese gebied mits hy oortuig is dat erfenishulpbronne wat binne die omskrewe gebied of kategorie val, geïdentifiseer is en dat daar toereikend daarvoor voorsiening gemaak word ingevolge die bepalings van Deel 1 van hierdie Hoofstuk.

(4) Indien die provinsiale erfenishulpbronowerheid van mening is dat dit nodig is, kan hy, na publikasie van 'n kennistydperk van drie maande in die *Provinsiale Koerant*, 'n kennisgewing kragtens subartikel (3) intrek of wysig.

**Argeologie, paleontologie en meteoriete**

**35.** (1) Behoudens die bepalings van artikel 7 is die beskerming van argeologiese en paleontologiese terreine en materiaal en meteoriete die verantwoordelikheid van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid: Met dien verstande dat die beskerming van enige wrak in die territoriale waters en die maritieme kulturele sone die verantwoordelikheid van SAEHA is.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (8)*(a)* is alle argeologiese voorwerpe, paleontologiese materiaal en meteoriete die eiendom van die Staat. Die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid moet, ten behoewe van die Staat, na goeddunke verseker dat sodanige voorwerpe gehou word in 'n museum of ander openbare instelling wat 'n versamelingsbeleid het wat vir daardie erfenishulpbronowerheid aanvaarbaar is, en kan in die proses sodanige bepalings en voorwaardes stel as wat hy geskik ag vir die bewaring van sodanige voorwerpe.

(3) Enigiemand wat argeologiese of paleontologiese voorwerpe of materiaal of 'n meteoriet ontdek in die loop van ontwikkelings- of landboubedrywigheid, moet die vonds onmiddellik by die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid aanmeld, of by die naaste plaaslike owerheid se kantore of museum, wat sodanige erfenishulpbronowerheid onmiddellik moet verwittig.

(4) Niemand mag sonder 'n permit deur die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid uitgereik—

*(a)* enige argeologiese of paleontologiese terrein of enige meteoriet vernietig, beskadig, uitgrawe, verander, ontsier of andersins versteur nie;

*(b)* enige argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of enige meteoriet vernietig, beskadig, uitgrawe, uit sy oorspronklike posisie verwyder, versamel of besit nie;

*(c)* enige kategorie argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of enige meteoriet vir private wins verkoop, uit die Republiek uitvoer of poog om dit uit te voer of daarin handel dryf nie;

*(d)* enige uitgrawingstoerusting of enige toerusting wat met die opspoor of herwinning van metale of argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerpe help, op 'n argeologiese of paleontologiese terrein bring of gebruik nie of sodanige toerusting vir die herwinning van meteoriete gebruik nie.

(5) Wanneer die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid redelike gronde het om te vermoed dat enige bedrywigheid of ontwikkeling wat enige argeologiese of paleontologiese terrein sal vernietig, beskadig of verander, aan die gang is, en daar geen aansoek om 'n permit ingedien is nie en geen prosedure vir die bestuur van erfenishulpbronne ingevolge artikel 38 gevolg is nie, kan hy—

(a) aan die eienaar of okkupeerder van die terrein of aan die persoon wat sodanige ontwikkeling onderneem, 'n bevel beteken dat die ontwikkeling onmiddellik gestaak moet word vir die tydperk in die bevel vermeld;

(b) 'n ondersoek instel met die doel om inligting in te win oor die vraag of daar 'n argeologiese of paleontologiese terrein bestaan en of versagting nodig is;

(c) indien versagting deur die erfenishulpbronowerheid geag word nodig te wees, die persoon aan wie die bevel kragtens paragraaf (a) beteken is, bystaan by die aansoek om 'n permit soos vereis deur subartikel (4); en

(d) die koste van sodanige ondersoek verhaal van die eienaar of okkupeerder van die grond waarop 'n argeologiese of paleontologiese terrein vermoedelik geleë is of van die persoon wat van voorneme is om die ontwikkeling te onderneem indien daar geen aansoek om 'n permit ontvang is binne twee weke nadat die bevel beteken is nie.

(6) Die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid kan, na oorleg met die eienaar van die grond waarop 'n argeologiese of paleontologiese terrein of 'n meteoriet geleë is, 'n kennisgewing aan die eienaar of enige ander betrokke owerheid beteken om te voorkom dat bedrywighede binne 'n vermelde afstand van sodanige terrein of meteoriet plaasvind.

(7) (a) Binne 'n tydperk van twee jaar na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet enige persoon in besit van enige argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of enige meteoriet wat verkry is op 'n ander wyse as ingevolge 'n permit uitgereik ingevolge hierdie Wet, gelykwaardige provinsiale wetgewing of die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), by die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid lyste indien van sodanige voorwerpe en ander inligting deur daardie owerheid voorgeskryf. Enige sodanige voorwerp wat nie binne die voorgeskrewe tydperk gelys word nie, moet geag word verkry te wees na die datum waarop hierdie Wet in werking getree het.

(b) Paragraaf (a) is nie op 'n openbare museum of universiteit van toepassing nie.

(c) Die verantwoordelike owerheid kan na goeddunke by kennisgewing in die *Staatskoerant* of die *Provinsiale Koerant*, na gelang van die geval, enige instelling vrystel van die vereistes van paragraaf (a), behoudens sodanige voorwaardes as wat in die kennisgewing gestel word, en kan sodanige vrystelling by soortgelyke kennisgewing intrek of wysig.

(8) 'n Voorwerp of versameling kragtens subartikel (7) gelys—

(a) bly die eiendom van die besitter vir die duur van sy of haar lewe, en SAEHA moet in kennis gestel word van die identiteit van die opvolger; en

(b) moet gereeld gemoniteer word in ooreenstemming met regulasies uitgevaardig deur die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid.

**Begraafplase en grafte**

36. (1) Waar dit nie die verantwoordelikheid van enige ander owerheid is nie, moet SAEHA begraafplase en grafte wat ingevolge hierdie artikel beskerm word, bewaar en oor die algemeen versorg en kan hy sodanige reëlings vir die bewaring daarvan tref as wat hy goedvind.

(2) SAEHA moet die grafte van slagoffers van konflik en enige ander grafte wat hy as van kulturele betekenis beskou, identifiseer en kan gedenktekens oprig wat met die graf in subartikel (1) bedoel, verbind word, en moet sodanige gedenktekens in stand hou.

(3) Niemand mag sonder 'n permit deur SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid uitgereik—

(a) die graf van 'n slagoffer van konflik, of enige begraafplaas of deel daarvan wat sulke grafte bevat, vernietig, beskadig, verander, opgrawe of uit sy oorspronklike posisie verwyder of andersins versteur nie;

(b) enige graf of begraafplaas wat geleë is buite 'n formele kerkhof wat ouer as 60 jaar is en deur 'n plaaslike owerheid geadministreer word, vernietig, beskadig, verander, opgrawe, uit sy oorspronklike posisie verwyder of andersins versteur nie; of

(c) enige uitgrawingstoerusting of enige toerusting wat met die opspoor of herwinning van metale help, op 'n begraafplaas of graf in paragraaf (a) of (b) bedoel, bring of gebruik nie.

(4) SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid mag nie 'n permit vir die vernietiging of beskadiging van enige begraafplaas of graf in subartikel (3)(a) bedoel uitreik nie tensy hy oortuig is dat die aansoeker bevredigende reëlings getref het vir die opgrawing en herbegrawe van die inhoud van sodanige grafte, op die koste van die

aansoeker en in ooreenstemming met enige regulasies deur die erfenishulpbronowerheid uitgevaardig.

(5) SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid mag nie 'n permit vir enige bedrywigheid ingevolge subartikel (3)*(b)* uitreik nie tensy hy tevrede is dat die aansoeker, in ooreenstemming met regulasies uitgevaardig deur die provinsiale erfenishulpbronowerheid—

*(a)* 'n doelbewuste poging aangewend het om met gemeenskappe en individue wat volgens tradisie 'n belang by sodanige graf of begraafplaas het, in aanraking te kom en oorleg te pleeg; en

*(b)* met sodanige gemeenskappe en individue ooreengekom het oor die toekoms van sodanige graf of begraafplaas.

(6) Behoudens die bepalings van enige ander wet moet enige persoon wat in die loop van ontwikkeling of enige ander bedrywigheid die ligging van 'n graf ontdek waarvan die bestaan voorheen onbekend was, sodanige bedrywigheid onmiddellik staak en die ontdekking aan die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid rapporteer, wat in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens en in ooreenstemming met regulasies van die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid—

*(a)* ondersoek moet instel met die doel om inligting te verkry oor die vraag of sodanige graf ingevolge hierdie Wet beskerm word of van betekenis is vir enige gemeenskap; en

*(b)* indien sodanige graf beskerm word of van betekenis is, enige persoon of gemeenskap wat 'n regstreekse kulturele afstammeling is, bystaan om reëlings te tref vir die opgrawe en herbegrawe van die inhoud van sodanige graf of, by afwesigheid van sodanige persoon of gemeenskap, sodanige reëlings tref as wat hy geskik ag.

(7) *(a)* SAEHA moet, oor 'n tydperk van vyf jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet, lyste van grafte en begraafplase van persone wat in die bevrydingstryd betrokke was en wat in ballingskap of as gevolg van die optrede van die Staat se veiligheidsmagte of *agents provocateurs* gesterf het wat hy, na 'n proses van openbare oorlegpleging, van mening is ingesluit moet word by dié wat ingevolge hierdie artikel beskerm word, aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring.

*(b)* Die Minister moet sodanige lyste as wat hy of sy goedkeur, in die *Staatskoerant* publiseer.

(8) Behoudens artikel 56(2) het SAEHA die bevoegdheid, met betrekking tot die grafte van slagoffers van konflik buite die Republiek, om enige funksie van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid ingevolge hierdie artikel te verrig.

(9) SAEHA moet ander staatsdepartemente help om grafte in 'n vreemde land van slagoffers van konflik in verband met die bevrydingstryd te identifiseer en kan, na onderhandeling met die naasbestaandes of betrokke owerhede, die oorskot van sulke persone op 'n prominente plek in die hoofstad van die Republiek herbegrawe.

**Openbare monumente en gedenktekens**

**37.** Openbare monumente en gedenktekens moet, sonder dat dit nodig is om 'n kennisgewing te dien effekte te publiseer, op dieselfde wyse beskerm word as plekke wat verskyn in 'n erfenisregister in artikel 30 bedoel.

**Bestuur van erfenishulpbronne**

**38.** (1) Behoudens die bepalings van subartikels (7), (8) en (9) moet enige persoon wat van voorneme is om 'n ontwikkeling te onderneem wat gekategoriseer word as—

*(a)* die bou van 'n pad, muur, kraglyn, pypleiding, kanaal of ander soortgelyke vorm van liniêre ontwikkeling of versperring langer as 300 m;

*(b)* die bou van 'n brug of soortgelyke struktuur langer as 50 m;

*(c)* enige ontwikkeling of ander bedrywigheid wat die aard sal verander van 'n terrein—

(i) groter as 5 000 $m^2$ in omvang; of

(ii) wat drie of meer bestaande erwe of onderverdelings daarvan behels; of

(iii) wat drie of meer erwe of verdelings daarvan behels wat gedurende die afgelope vyf jaar gekonsolideer is; of

(iv) waarvan die koste meer sal wees as 'n bedrag wat ingevolge regulasies uitgevaardig deur SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid vasgestel word;

*(d)* die hersonering van 'n terrein van meer as 10 000 $m^2$ in omvang; of

*(e)* enige ander kategorie ontwikkeling waarvoor voorsiening gemaak word in regulasies uitgevaardig deur SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid,

in die heel vroegste stadium van die inisiëring van sodanige ontwikkeling die verantwoordelike provinsiale erfenishulpbronowerheid in kennis stel en voorsien van besonderhede rakende die ligging, aard en omvang van die voorgestelde ontwikkeling.

(2) Die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid moet binne 14 dae na ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1)—

*(a)* indien daar rede is om te vermoed dat erfenishulpbronne deur sodanige ontwikkeling geraak sal word, die persoon wat van voorneme is om die ontwikkeling te onderneem, aansê om 'n invloedevalueringsverslag voor te lê. Sodanige verslag word op die koste van die persoon wat die ontwikkeling voorstel, opgestel deur 'n persoon of persone wat deur die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid goedgekeur is en oor tersaaklike kwalifikasies en ondervinding en 'n professionele reputasie in die bestuur van erfenishulpbronne beskik; of

*(b)* die betrokke persoon in kennis stel dat hierdie artikel nie van toepassing is nie.

(3) Die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid moet die inligting vermeld wat verstrek moet word in 'n verslag wat ingevolge subartikel (2)*(a)* verlang word: Met dien verstande dat die volgende ingesluit moet word:

*(a)* Die identifikasie en kartering van alle erfenishulpbronne in die geaffekteerde gebied;

*(b)* evaluering van die betekenis van sulke hulpbronne ooreenkomstig die maatstawwe vir erfenisevaluering in artikel 6(2) uiteengesit of kragtens artikel 7 voorgeskryf;

*(c)* 'n evaluering van die invloed van die ontwikkeling op sodanige erfenishulpbronne;

*(d)* 'n evaluering van die invloed van die ontwikkeling op erfenishulpbronne relatief tot die volhoubare maatskaplike en ekonomiese voordele wat uit die ontwikkeling verkry staan te word;

*(e)* die resultate van oorlegpleging met gemeenskappe wat deur die voorgestelde ontwikkeling geraak word en ander belanghebbende partye betreffende die invloed van die ontwikkeling op erfenishulpbronne;

*(f)* indien erfenishulpbronne nadelig geraak sal word deur die voorgestelde ontwikkeling, die oorweging van alternatiewe; en

*(g)* planne vir verligting van enige nadelige gevolge gedurende en na voltooiing van die voorgestelde ontwikkeling.

(4) Die verslag moet spoedig deur die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid oorweeg word, wat na oorlegpleging met die persoon wat die ontwikkeling voorstel, moet besluit—

*(a)* of die ontwikkeling kan voortgaan of nie;

*(b)* oor enige beperkings of voorwaardes wat op die ontwikkeling geplaas moet word;

*(c)* watter algemene beskermingsmaatreëls ingevolge hierdie Wet op sodanige erfenishulpbronne van toepassing is en watter formele beskerming op sodanige erfenishulpbronne toegepas kan word;

*(d)* of vergoedende optrede nodig is ten opsigte van enige erfenishulpbronne wat beskadig of vernietig word as gevolg van die ontwikkeling; en

*(e)* of die aanstelling van spesialiste nodig is as 'n voorwaarde vir die goedkeuring van die voorstel.

(5) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid mag geen besluit ingevolge subartikel (4) neem nie ten opsigte van enige ontwikkeling wat 'n invloed het op 'n erfenishulpbron wat op nasionale vlak beskerm word, tensy hy SAEHA geraadpleeg het.

(6) Die aansoeker kan teen 'n besluit van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid appelleer na die LUR, wat—

*(a)* die menings van albei partye moet oorweeg; en

*(b)* na goeddunke—

(i) 'n komitee kan aanstel om 'n onafhanklike hersiening van die invloedevalueringsverslag en die besluit van die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid te doen; en

(ii) met SAEHA oorleg kan pleeg; en

*(c)* sodanige besluit moet handhaaf, wysig of verwerp.

(7) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie op 'n ontwikkeling beskryf in subartikel (1) rakende enige erfenishulpbron wat formeel deur SAEHA beskerm word, tensy die betrokke owerheid anders besluit.

(8) Die bepalings van hierdie artikel is nie op 'n ontwikkeling in subartikel (1) bedoel, van toepassing nie indien 'n evaluasie van die invloed van sodanige ontwikkeling op erfenishulpbronne nodig is ingevolge die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989), of die geïntegreerde omgewingsbestuursriglyne uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme of die Mineraalwet, 1991 (Wet No. 50 van 1991), of enige ander wetgewing: Met dien verstande dat die owerheid wat instemming verleen, moet verseker dat die evaluasie voldoen aan die vereistes van die betrokke erfenishulpbronowerheid ingevolge subartikel (3), en enige kommentaar en aanbevelings van die betrokke erfenishulpbronowerheid met betrekking tot sodanige ontwikkeling in aanmerking geneem is voor die verlening van toestemming.

(9) Die provinsiale erfenishulpbronowerheid, met die goedkeuring van die LUR, kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* enige plek wat in die kennisgewing vermeld is, vrystel van die vereistes van hierdie artikel.

(10) Enige persoon wat voldoen het aan die besluit van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid ingevolge subartikel (4) geneem of van die LUR ingevolge subartikel (6) geneem of aan ander vereistes in subartikel (8) bedoel, moet vrygestel word van voldoening aan alle ander beskermings ingevolge hierdie Deel, maar enige bestaande erfenisooreenkomste ingevolge artikel 42 is steeds van toepassing.

## *Deel 3: Bestuur*

**Inventaris van nasionale besit**

**39.** (1) Vir doeleindes van die konsolidering en koördinering van inligting oor erfenishulpbronne moet SAEHA 'n inventaris van die nasionale besit opstel en byhou, wat in die vorm moet wees van 'n databasis van inligting oor erfenishulpbronne wat na sy mening bewarenswaardig is, insluitende—

*(a)* alle plekke en voorwerpe waarby hy en sy voorgangers betrokke was;

*(b)* alle plekke en voorwerpe wat deur die publikasie van kennisgewings in die *Staatskoerant* beskerm word, hetsy ingevolge hierdie Wet of provinsiale wetgewing;

*(c)* plekke en voorwerpe wat onderworpe is aan algemene beskerming ingevolge hierdie Wet of provinsiale wetgewing vir die bestuur van erfenishulpbronne; en

*(d)* enige ander plek en voorwerp wat na sy mening van belang is,

en moet vir hierdie doel die nasionale standaarde vir die aantekening van inligting deur provinsiale erfenishulpbronowerhede koördineer en voorskryf.

(2) Erfenishulpbronne moet in die inventaris gelys word in die formaat en die kategorieë deur SAEHA voorgeskryf.

(3) SAEHA kan van tyd tot tyd, na oorleg met die betrokke provinsiale erfenishulpbronowerheid en die plaaslike owerheid, inskrywings in die inventaris maak, wysig of skrap: Met dien verstande dat—

*(a)* alle plekke wat in enige erfenisregister gelys is, in die inventaris aangeteken moet word;

*(b)* 'n plaaslike owerheid SAEHA in kennis moet stel van die vernietiging van 'n plek wat in 'n erfenisregister gelys is, waarna SAEHA sodanige vernietiging in die inventaris moet aanteken.

(4) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid moet binne 30 dae na die opneem van 'n erfenishulpbron in 'n erfenisregister of die wysiging of skrapping van 'n inskrywing, SAEHA in kennis stel en voorsien van besonderhede van die inskrywing, wysiging of skrapping.

(5) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid moet SAEHA met gereelde tussenpose, op die wyse deur SAEHA voorgeskryf, voorsien van enige inligting oor erfenishulpbronne in die provinsie wat die volume en besonderhede van inligting in die inventaris sal aanvul.

(6) Enige persoon moet toegang tot die inventaris hê by die kantore van SAEHA: Met dien verstande dat inligting weerhou kan word indien die openbaarmaking daarvan 'n negatiewe uitwerking kan hê op die privaatheid of ekonomiese belange van die eienaar of enige persoon met 'n belang by 'n eiendom of 'n potensiële belegger of op die voorgesette bewaring van 'n erfenishulpbron.

(7) SAEHA moet met gereelde tussenpose 'n opsomming en ontleding van die inventaris van die nasionale besit publiseer.

**Bystandsprogram vir nasionale erfenishulpbronne**

**40.** (1) Behoudens artikel 21 kan SAEHA finansiële bystand in die vorm van 'n

skenking of 'n lening verleen aan 'n goedgekeurde liggaam of 'n individu vir enige projek wat bydra tot sy doel en in ooreenstemming is met die beginsels soos voorgeskryf.

(2) SAEHA moet die prosedures voorskryf vir aansoeke om, en die goedkeuring en verlening van, finansiële bystand en die maatstawwe vir die evaluering van projekte.

(3) 'n Lening kan goedgekeur word vir sodanige bedrag en behoudens sodanige bepalings en voorwaardes as wat SAEHA bepaal: Met dien verstande dat 'n lening—

*(a)* teen die rentekoers moet wees wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies voorlopig bepaal; of

*(b)* indien die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, dit goedkeur—

(i) teen die rentekoers moet wees wat die Minister ten opsigte van daardie lening bepaal; of

(ii) sonder rente moet wees.

(4) Enige finansiële bystand ingevolge hierdie artikel moet verskaf word uit 'n fonds wat deur SAEHA vir hierdie doel uitgehou word, wat die Nasionale Erfenishulpbronfonds genoem word.

**Restitusie van erfenisvoorwerpe**

**41.** (1) Wanneer 'n gemeenskap of liggaam met 'n bona fide-belang aanspraak maak op die restitusie van 'n roerende erfenishulpbron wat deel van die nasionale besit is en wat gehou word deur of gekollasioneer word in 'n instelling wat met openbare geld befonds word, moet die betrokke instelling begin met 'n proses van onderhandeling met die aanspraakmakers oor die toekoms van die hulpbron.

(2) Die Minister kan regulasies uitvaardig oor die vestiging van *bona fide*-belange ingevolge subartikel (1) en die voorwaardes waarop sulke aansprake gemaak kan word.

(3) In afwesigheid van 'n ooreenkoms oor 'n erfenishulpbron wat die onderwerp is van onderhandelinge ingevolge subartikel (1), kan die aanspraakmakers of die betrokke instelling na die Minister appelleer, wat met behoorlike inagneming van artikel 5(4) en in 'n gees van kompromie—

*(a)* tussen die betrokke partye moet bemiddel met die doel om 'n onderling bevredigende oplossing te kry; en

*(b)* in afwesigheid van 'n ooreenkoms tussen die betrokke partye 'n finale besluit oor die toekoms van die hulpbron moet neem, insluitende enige voorwaardes wat nodig is om die veiligheid daarvan te verseker, voorwaardes van toegang vir die aanspraakmakers of die instelling of enige ander belanghebbende party tot die hulpbron, of enige ander geskikte voorwaardes.

**Erfenisooreenkomste**

**42.** (1) *(a)* SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid kan met 'n provinsiale owerheid, plaaslike owerheid, bewaringsliggaam, persoon of gemeenskap onderhandel en ooreenkom oor die uitvoering van 'n erfenisooreenkoms om voorsiening te maak vir die bewaring, verbetering of aanbieding van 'n duidelik omskrewe erfenishulpbron: Met dien verstande dat die instemming van die eienaar van sodanige hulpbron nodig is.

*(b)* So 'n erfenisooreenkoms moet in die vorm van 'n bindende kontrak wees.

(2) 'n Erfenisooreenkoms kan die bepalings en voorwaardes insluit wat die partye goedvind, insluitende voorsiening vir openbare toegang en vir finansiële of ander bystand van die betrokke erfenishulpbronowerheid.

(3) Sonder om afbreuk te doen aan subartikel (2), kan 'n erfenisooreenkoms geformuleer word om onbepaald of vir enige vermelde termyn van krag te wees of om ten einde te loop wanneer 'n spesifieke gebeurtenis plaasvind.

(4) 'n Erfenisooreenkoms kan, met die instemming van die eienaar van die betrokke hulpbron, gewysig of herroep word by ooreenkoms tussen die partye.

(5) Die instemming van die eienaar van die betrokke hulpbron tot die erfenisooreenkoms of enige wysiging van die erfenisooreenkoms kan gegee word behoudens die insluiting in die erfenisooreenkoms van enige bykomende bepalings of gewysigde bepalings of van die skrapping van sodanige bepalings as wat die eienaar wat instemming verleen, nodig ag.

(6) Niks in hierdie Wet vervat, vereis van 'n erfenishulpbronowerheid om met enige persoon of owerheid te onderhandel of ooreen te kom om enige erfenisooreenkoms aan te gaan of uit te voer nie.

(7) 'n Erfenisooreenkoms ten opsigte van 'n plek wat vas is aan die grond, is bindend vir die eienaar van die plek soos by die datum van die sluit van die ooreenkoms terwyl die ooreenkoms van krag is.

(8) Die eienaar van 'n nasionale erfenisterrein, 'n provinsiale erfenisterrein of 'n plek gelys in 'n erfenisregister kan deur middel van 'n erfenisooreenkoms aangegaan met die erfenishulpbronowerheid of plaaslike owerheid verantwoordelik vir die beskerming van sodanige plek of enige persoon of liggaam deur sodanige owerheid goedgekeur, daardie erfenishulpbronowerheid of plaaslike owerheid of persoon of liggaam as voog van die plek aanstel.

(9) Die erfenisooreenkoms in subartikel (7) of (8) bedoel, kan voorsiening maak vir—

(*a*) die instandhouding en bestuur van die plek;

(*b*) die bewaring van die plek en die pligte van enige persoon wat in verband daarmee in diens geneem is;

(*c*) die okkupasie of gebruik van die plek deur die eienaar of andersins;

(*d*) die beperking van die reg van die eienaar of okkupeerder om sekere handelinge of dinge op of naby die plek te doen;

(*e*) die fasiliteite van toegang wat verleen moet word aan die publiek en aan persone wat deur die voog afgevaardig is om die plek te inspekteer of in stand te hou;

(*f*) die aanbieding van die plek;

(*g*) die kennis wat aan die voog gegee moet word indien die eienaar van voorneme is om die grond waarop die plek geleë is, aan te bied vir verkoop, verhuring of ander beskikking, en die verkoopsreg wat vir die voog voorbehou moet word ten opsigte van sodanige verkoop, verhuring of ander beskikking;

(*h*) die betaling van enige uitgawes deur die eienaar of deur die voog aangegaan in verband met die instandhouding van die plek;

(*i*) enige ander aangeleentheid in verband met die beskerming of bestuur van die plek, waaroor die eienaar en die voog ooreenkom;

(*j*) die duur van die ooreenkoms, met voorsiening vir die vroeër beëindiging daarvan deur enige party daarby; en

(*k*) die prosedure vir die beslegting van enige geskil wat uit die ooreenkoms voortspruit.

(10) Die eienaar van 'n plek wat onder voogdyskap val, moet, uitgesonderd soos uitdruklik by hierdie Wet bepaal, voortgaan om dieselfde eiendomsreg, reg, titel en belang in en op die plek te hê as voorheen.

(11) Elke erfenisooreenkoms geld in ooreenstemming met die strekking daarvan maar behoudens die bepalings van hierdie Wet: Met dien verstande dat—

(*a*) die uitvoering van 'n erfenisooreenkoms ten opsigte van 'n erfenishulpbron nie die erfenishulpbronowerheid verantwoordelik vir die beskerming daarvan belet om enige bevoegdhede ingevolge hierdie Wet met betrekking tot daardie hulpbronne uit te oefen nie; en

(*b*) niks in enige erfenisooreenkoms vervat, enige persoon toelaat of veroorloof om enige handeling in stryd met hierdie Wet te verrig nie.

**Aansporings**

**43.** (1) Op advies van SAEHA kan die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, regulasies uitvaardig oor finansiële aansporings vir die bewaring van erfenishulpbronne wat deel van die nasionale besit uitmaak, of andersins die oogmerke van hierdie Wet bevorder.

(2) 'n LUR of 'n plaaslike owerheid kan in beplanningskemas of in verordeninge kragtens hierdie Wet of op enige ander wyse aansporings verskaf vir die bewaring van erfenishulpbronne soos in subartikel (1) bepaal.

**Aanbieding van beskermde hulpbronne**

**44.** (1) Erfenishulpbronowerhede en plaaslike owerhede moet, waar dit ook al geskik is, die aanbieding en gebruik koördineer en bevorder van plekke van kulturele betekenis en erfenishulpbronne wat deel van die nasionale besit uitmaak en waarvoor hulle ingevolge artikel 5 verantwoordelik is vir openbare genieting, opvoeding, navorsing en toerisme, insluitende—

(*a*) die oprigting van verduidelikende plate en vertolkende fasiliteite, insluitende vertolkende sentrums en besoekersfasiliteite;

(*b*) die verskaffing en opleiding van gidse;

(*c*) die oprigting van uitstallings;

(*d*) die oprigting van gedenktekens; en

(e) enige ander middele wat nodig is vir die doeltreffende aanbieding van die nasionale besit.

(2) Waar 'n erfenishulpbron wat formeel beskerm word ingevolge Deel 1 van hierdie Hoofstuk, aangebied staan te word, moet die persoon wat sodanige aanbieding wil doen, ten minste 60 dae voor die instelling van vertolkende maatreëls of die vervaardiging van geassosieerde materiaal, met die erfenishulpbronowerheid verantwoordelik vir die beskerming van sodanige erfenishulpbron oorleg pleeg oor die inhoud van vertolkende materiaal of programme.

(3) 'n Persoon mag slegs in oorleg met die erfenishulpbronowerheid verantwoordelik vir die beskerming van 'n plek wat ingevolge hierdie Wet beskerm word 'n plaat of ander permanente tentoonstelling of struktuur geassosieer met sodanige aanbieding in die nabyheid van die plek oprig.

**Bevel vir verpligte herstel**

**45.** (1) Wanneer die erfenishulpbronowerheid verantwoordelik vir die beskerming van 'n erfenisterrein van mening is dat sodanige terrein—

(a) toegelaat is om verval te raak met die doel om—
  (i) die vernietiging of sloping daarvan teweeg te bring of moontlik te maak;
  (ii) die ontwikkeling van die aangewese grond moontlik te maak; of
  (iii) die ontwikkeling van enige grond aangrensend aan die aangewese grond moontlik te maak; of

(b) in so 'n mate verwaarloos word dat dit sy potensiaal vir bewaring sal verloor,

kan die erfenishulpbronowerheid 'n bevel om sodanige terrein te herstel of in stand te hou tot tevredenheid van die erfenishulpbronowerheid en binne 'n redelike tydperk soos in die bevel vermeld, aan die eienaar beteken: Met dien verstande dat die erfenishulpbronowerheid net sodanige werk mag vermeld as wat na sy mening nodig is om enige verdere agteruitgang in die toestand van die plek te voorkom.

(2) Behoudens subartikel (3), by versuim van 'n eienaar om binne die vermelde tyd te voldoen aan die bepalings van 'n bevel kragtens subartikel (1), kan die owerheid wat die bevel beteken het, self die stappe doen wat nodig is vir die herstel of instandhouding daarvan en die koste van die eienaar verhaal.

(3) Indien die eienaar goeie gronde kan aanvoer, kan hy of sy, binne 21 dae na die betekening van 'n bevel vir herstel ingevolge subartikel (1)—

(a) by die erfenishulpbronowerheid wat die bevel vir herstel beteken het, aansoek doen om 'n verlenging van die tydperk in die bevel vermeld; of

(b) na die Minister appelleer op die wyse in artikel 49 voorgeskryf.

**Onteiening**

**46.** (1) Die Minister kan, op advies van SAEHA en na oorleg met die Minister van Finansies, 'n eiendom aankoop of, onderworpe aan vergoeding, dit onteien vir bewaring of vir enige ander doeleinde kragtens hierdie Wet indien daardie doeleinde 'n openbare doeleinde of in die openbare belang is.

(2) Die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), is van toepassing op alle onteienings kragtens hierdie Wet, en enige verwysing na die Minister van Openbare Werke in daardie Wet word geag 'n verwysing te wees na die Minister vir die doeleindes van sodanige onteiening.

(3) Ongeag die bepalings van subartikel (2), word die vergoedingsbedrag en die tyd en wyse van betaling bepaal ooreenkomstig artikel 25(3) van die Grondwet, en die eienaar van die betrokke eiendom moet aangehoor word voor enige eiendom onteien word.

**Algemene beleid**

**47.** (1) SAEHA en 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid—

(a) moet binne drie jaar na die inwerkingtreding van hierdie Wet verklarings van algemene beleid vir die bestuur van alle erfenishulpbronne wat hy besit of beheer of wat by hom berus, aanneem; en

(b) kan van tyd tot tyd sodanige verklarings wysig om dit aan te pas by veranderende omstandighede of in ooreenstemming met groter kennis; en

(c) moet enige sodanige verklaring binne tien jaar nadat dit aangeneem is, hersien.

(2) Elke erfenishulpbronowerheid moet vir enige plek wat ingevolge hierdie Wet beskerm word en wat deur hom besit of beheer word of by hom berus, 'n plan aanneem

vir die bestuur van sodanige plek in ooreenstemming met die beste omgewings-, erfenis-, bewarings-, wetenskaplike en opvoedkundige beginsels wat redelikerwys toegepas kan word met inagneming van die ligging, grootte en aard van die plek en die hulpbronne van die betrokke owerheid, en kan enige sodanige plan van tyd tot tyd hersien.

(3) 'n Bewaringsbestuursplan kan na goeddunke van die betrokke erfenishulpbronowerheid en vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar bedryf word slegs deur die erfenishulpbronowerheid of in samewerking met 'n omgewings- of toerisme-owerheid of ingevolge kontraktuele reëlings, op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die erfenishulpbronowerheid bepaal.

(4) Regulasies uitgevaardig deur sodanige erfenishulpbronowerheid moet voorsiening maak vir 'n proses waardeur, voor die aanneming of wysiging van 'n verklaring van algemene beleid of enige bewaringsbestuursplan, die publiek en belanghebbende organisasies in kennis gestel word van die beskikbaarheid van 'n konsepverklaring of plan vir insae, en kommentaar deur die betrokke erfenishulpbronowerheid gevra en oorweeg word.

(5) 'n Erfenishulpbronowerheid mag op geen wyse strydig met enige verklaring van algemene beleid of bewaringsbestuursplan optree nie.

(6) Alle geldende verklarings van algemene beleid en bewaringsbestuursplanne wat deur 'n erfenishulpbronowerheid aangeneem is, moet op versoek beskikbaar wees vir openbare insae.

## HOOFSTUK III

## ALGEMENE BEPALINGS

### *Deel I: Afdwinging, appèlle, misdrywe en strawwe*

Permitte

48. (1) 'n Erfenishulpbronowerheid kan die wyse voorskryf waarop daar by hom aansoek gedoen moet word om enige permit ingevolge hierdie Wet, asook ander vereistes vir permitaansoeke, insluitende—

(*a*) enige besonderhede of inligting wat in die aansoek verstrek moet word en enige dokumente, tekeninge, planne, foto's en gelde wat die aansoek moet vergesel;

(*b*) minimum kwalifikasies en standaarde van praktyk wat vereis word van persone wat aansoek doen om 'n permit om bepaalde handelinge te verrig met betrekking tot bepaalde kategorieë beskermde erfenishulpbronne;

(*c*) standaarde en voorwaardes vir die uitgrawe en nabehandeling van argeologiese en paleontologiese voorwerpe en materiaal en meteoriete wat kragtens 'n permit herwin word;

(*d*) die voorwaardes waarop, alvorens 'n permit uitgereik word, 'n finansiële deposito betaal en in trust gehou moet word vir die duur van die permit of sodanige tydperk as wat die erfenishulpbronowerheid bepaal, en voorwaardes vir die verbeuring van sodanige deposito;

(*e*) voorwaardes vir die tydelike uitvoer en terugbesorging van voorwerpe wat kragtens artikel 32 of artikel 35 beskerm word;

(*f*) die voorlegging van verslae oor werk wat kragtens 'n permit gedoen is; en

(*g*) die verantwoordelikhede van die erfenishulpbronowerheid betreffende die monitering van werk wat kragtens 'n permit gedoen word.

(2) Op aansoek deur enige persoon op die wyse by subartikel (1) voorgeskryf, kan 'n erfenishulpbronowerheid na goeddunke aan sodanige persoon 'n permit uitreik om die handelinge te verrig op die tyd en behoudens die bepalings, voorwaardes en beperkings of aanwysings in die permit vermeld, insluitende 'n voorwaarde—

(*a*) dat die aansoeker sekuriteit moet gee in 'n vorm en teen 'n bedrag deur die betrokke erfenishulpbronowerheid bepaal, met inagneming van die aard en omvang van die werk in die permit bedoel, ten einde die bevredigende afhandeling van sodanige werk of die nabehandeling van voorwerpe en materiaal wat in die loop van die werk herwin word, te verseker; of

(*b*) wat voorsiening maak vir die herwinning of deponering in 'n materiaalbank van geskiedkundige boumateriaal; of

(*c*) wat bepaal dat ontwerpvoorstelle hersien moet word; of

(*d*) betreffende die kwalifikasies en kundigheid wat vereis word om die handelinge te verrig waarvoor die permit uitgereik word.

(3) 'n Erfenishulpbronowerheid kan ten opsigte van enige erfenishulpbron wat ingevolge die bepalings van Hoofstuk II deur hom beskerm word by kennisgewing in die *Staatskoerant* of die *Provinsiale Staatskoerant*, na gelang van die geval, na goeddunke vrystelling verleen van die vereiste om 'n permit van hom te verkry vir sodanige bedrywighede of klas bedrywighede deur sodanige persone of klas persone in sodanige omstandighede as wat in die kennisgewing vermeld word.

**Appèlle**

49. (1) Regulasies deur die Minister en die LUR moet voorsiening maak vir 'n stelsel van appèl na die SAEHA-raad of die raad van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid teen 'n besluit van 'n komitee of ander gedelegeerde verteenwoordiger van SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid.

(2) Enigiemand wat wens te appelleer teen 'n besluit van die SAEHA-raad of die raad van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid moet die Minister of LUR binne 30 dae skriftelik in kennis stel. Die Minister of LUR moet dan 'n onafhanklike tribunaal aanstel wat uit drie deskundiges bestaan en wat oor kundigheid met betrekking tot die aangeleentheid beskik.

(3) Die tribunaal beoog in subartikel (2) moet by die oorweging van die appèl wat deur die Minister of die LUR na hom verwys is, behoorlik ag slaan op—

(*a*) die kulturele betekenis van die onderhawige erfenishulpbron;

(*b*) beginsels vir erfenisbewaring; en

(*c*) enige ander tersaaklike faktore wat deur die appellant of die erfenishulpbronowerheid onder sy aandag gebring word.

**Aanstelling en bevoegdhede van erfenisinspekteurs**

50. (1) SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid kan erfenisinspekteurs skriftelik aanstel: Met dien verstande dat indien 'n erfenisinspekteur 'n personeellid van 'n Staatsdepartement of ondersteunde liggaam is, sodanige aanstelling gedoen moet word slegs by ooreenkoms met die Minister of ander persoon in beheer van die administrasie van sodanige departement of liggaam.

(2) Uit hoofde van hierdie artikel word elke lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en elke doeane- en aksynsbeampte geag 'n erfenisinspekteur te wees.

(3) Die erfenishulpbronowerheid moet aan elke erfenisinspekteur, uitgesonderd 'n persoon in subartikel (2) bedoel, 'n identiteitskaart uitreik waarop 'n foto en die handtekening van die erfenisinspekteur verskyn.

(4) Vir doeleindes van hierdie artikel is 'n verwysing na 'n identiteitskaart met betrekking tot 'n persoon in subartikel (2) bedoel, 'n verwysing na skriftelike bewys van die feit dat hy of sy 'n lid is van die liggame in subartikel (2) bedoel.

(5) Iemand wat ophou om 'n erfenisinspekteur te wees, moet sy of haar identiteitskaart onverwyld aan die betrokke erfenishulpbronowerheid terugbesorg.

(6) 'n Erfenisinspekteur, uitgesonderd 'n doeane- en aksynsbeampte of 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in uniform, mag nie sy of haar bevoegdhede ingevolge hierdie Wet met betrekking tot 'n ander persoon uitoefen nie tensy die erfenisinspekteur eers die identiteitskaart toon vir insae deur die ander persoon: Met dien verstande dat indien die toon van die identiteitskaart die gesondheid of veiligheid van die erfenisinspekteur in die gevaar sal stel, hy of sy dit moet toon sodra dit prakties is om dit te doen.

(7) Behoudens die bepalings van enige ander wet kan 'n erfenisinspekteur of enige persoon wat skriftelik deur 'n erfenishulpbronowerheid gemagtig is, enige grond of perseel te eniger redelike tyd betree met die doel om enige erfenishulpbron wat ingevolge hierdie Wet beskerm word, te inspekteer, of enige ander eiendom ten opsigte waarvan die erfenishulpbronowerheid sy funksies verrig en sy bevoegdhede uitoefen ingevolge hierdie Wet, en kan hy foto's neem en metings doen, sketse maak en enige ander middele vir die aanteken van inligting gebruik wat vir doeleindes van hierdie Wet nodig is.

(8) 'n Erfenisinspekteur kan te eniger tyd werk inspekteer wat gedoen word kragtens 'n permit uitgereik ingevolge hierdie Wet en kan vir daardie doel enige plek wat ingevolge hierdie Wet beskerm word, te eniger redelike tyd betree.

(9) Waar 'n erfenisinspekteur redelike gronde het om te vermoed dat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg is of gepleeg word of op die punt staan om gepleeg te word, kan die erfenisinspekteur met die bystand wat hy of sy nodig ag—

(*a*) enige plek, perseel, voertuig, vaartuig of tuig betree en deursoek en vir daardie doel enige voertuig, vaartuig of tuig stop en terughou waarin of waarop die erfenisinspekteur op redelike gronde vermoed dat daar bewyse rakende daardie misdryf is;

(b) enige erfenishulpbron of bewyse betreffende die pleeg van die misdryf konfiskeer en terughou hangende enige verdere opdrag van die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid; en

(c) sodanige stappe doen as wat redelikerwys nodig is om die pleeg van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet te voorkom.

(10) 'n Erfenisinspekteur kan, as daar rede is om te vermoed dat enige werk gedoen word of enige handeling verrig word in stryd met hierdie Wet of die voorwaardes van 'n permit ingevolge hierdie Wet uitgereik, gelas dat sodanige werk of handeling onmiddellik gestaak word hangende enige verdere opdrag van die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid.

(11) 'n Erfenisinspekteur kan vereis dat enige persoon wat hy of sy rede het om te vermoed 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het, sy of haar naam en adres en redelike bewys van sy of haar identiteit verstrek, en kan 'n persoon wat weier om aan hierdie vereistes te voldoen, in hegtenis neem.

(12) Enige persoon—

(a) moet aan 'n versoek of vereiste wat wettiglik ingevolge hierdie artikel gerig of gestel is, voldoen in soverre hy of sy in staat is om daaraan te voldoen;

(b) mag nie inligting verstrek wat hy of sy weet vals of misleidend is nie; en

(c) mag nie 'n erfenisinspekteur in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede ingevolge hierdie artikel hinder of dwarsboom nie.

**Misdrywe en strawwe**

**51.** (1) Ondanks die bepalings van enige ander wet is enige persoon wat—

(a) artikel 27(18), 29(10), 32(13) of 32(19) oortree, skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of beide sodanige boete en gevangenisstraf soos uiteengesit in item 1 van die Bylae;

(b) artikels 33(2), 35(4) of 36(3) oortree, skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of beide sodanige boete en gevangenisstraf soos uiteengesit in item 2 van die Bylae;

(c) artikel 28(3) of 34(1) oortree, skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of beide sodanige boete en gevangenisstraf soos uiteengesit in item 3 van die Bylae;

(d) artikels 27(22), 32(15), 33(1), 35(6) of 44(3) oortree, skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of beide sodanige boete en gevangenisstraf soos uiteengesit in item 4 van die Bylae;

(e) artikel 27(23)(b), 32(17), 35(3), 36(3) of 51(8) oortree, skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of beide sodanige boete en gevangenisstraf soos uiteengesit in item 5 van die Bylae;

(f) artikel 32(13), 32(16), 32(20), 35(7)(a), 44(2), 50(5) of 50(12) oortree, skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of beide sodanige boete en gevangenisstraf soos uiteengesit in item 6 van die Bylae;

(2) Die Minister kan met die instemming van die tersaaklike LUR 'n straf van 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande voorskryf vir enige oortreding van of versuim om aan regulasies van erfenishulpbronowerhede of verordeninge van plaaslike owerhede te voldoen.

(3) Die Minister of die LUR, na gelang van die geval, kan regulasies uitvaardig ingevolge waarvan die landdros van 'n distrik—

(a) boetes vir erkenning van skuld kan oplê tot 'n maksimum bedrag van R10 000, vir die oortreding van die bepalings van hierdie Wet waarvoor sodanige erfenishulpbronowerheid verantwoordelik is; en

(b) aan 'n persoon wat 'n vermelde bepaling van hierdie Wet oortree of wat nie voldoen het nie aan die bepalings van 'n permit deur sodanige owerheid uitgereik, 'n kennisgewing kan beteken waarin 'n daaglikse boete van R50 vir die duur van die oortreding opgelê word, behoudens 'n maksimum tydperk van 365 dae.

(4) Die Minister kan die bedrae bedoel in subartikel (3) van tyd tot tyd by regulasie aanpas ten einde vir die uitwerking van inflasie voorsiening te maak.

(5) Iemand wat—

(a) versuim om enige inligting te voorsien wat ingevolge hierdie Wet verstrek moet word, hetsy op versoek van 'n erfenishulpbronowerheid al dan nie;

(b) met die doel om, hetsy vir homself of haarself of vir enige ander persoon, enige permit, toestemming of magtiging ingevolge hierdie Wet te verkry, enige verklaring doen of vertoë rig terwyl hy of sy weet dat dit vals is of nie weet of vermoed dat dit waar is nie;

(c) versuim om te voldoen aan of enige handeling verrig in stryd met die bepalings, voorwaardes, beperkings of aanwysings onderworpe waaraan enige permit, toestemming of magtiging ingevolge hierdie Wet aan hom of haar uitgereik is;

(d) die houer van 'n permit ingevolge hierdie Wet dwarsboom in die uitoefening van 'n reg wat deur sodanige permit aan hom of haar verleen word;

(e) enige wapen of teken opgerig deur 'n erfenishulpbronowerheid of plaaslike owerheid kragtens artikel 25(2)(j) of artikel 27(17), enige vertolkende vertoning of enige ander eiendom of ding beskadig, neem of verwyder of dit laat beskadig, neem of verwyder uit 'n plek wat ingevolge hierdie Wet beskerm word;

(f) enige wapen, embleem of enige ander eiendom of ding wat onwettig geneem of verwyder is uit 'n plek wat ingevolge hierdie Wet beskerm word, ontvang; en

(g) binne die bestek van hierdie Wet enige ander onwettige handeling verrig of probeer om dit te verrig, enige verbod skend of versuim om enige verpligting na te kom wat ingevolge daarvan aan hom of haar opgelê is, of wat enige ander persoon aanraai, verkry, werf of in diens neem om dit te doen,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die maksimum strawwe, in die vorm van 'n boete of gevangenisstraf of sowel 'n boete as gevangenisstraf, wat in die regulasies kragtens subartikel (3) vermeld word.

(6) Enige persoon wat vermoed dat daar 'n oortreding van enige bepaling van hierdie Wet was, kan 'n aanklag by die Suid-Afrikaanse Polisiediens indien of 'n erfenis-owerheid in kennis stel.

(7) 'n Landdroshof is bevoeg om enige straf kragtens hierdie Wet op te lê, ondanks die bepalings van enige ander wet.

(8) Telkens wanneer enige persoon skuldig bevind word aan 'n oortreding van hierdie Wet wat gelei het tot skade aan of verandering van 'n beskermde erfenishulpbron, kan die hof—

(a) sodanige persoon beveel om die resultaat van die handeling waaraan hy of sy skuldig bevind is, reg te stel op die wyse en binne die tydperk, wat aldus vermeld word en by versuim van sodanige persoon om aan die bepalings van sodanige bevel te voldoen, sodanige persoon beveel om aan die erfenishulpbronowerheid verantwoordelik vir die beskerming van sodanige hulpbron 'n bedrag gelyk aan die koste van die regstelling te betaal; of

(b) wanneer hy van mening is dat sodanige persoon nie in 'n posisie is om skade wat aan 'n erfenishulpbron aangerig is reg te stel nie omrede die oortreder nie die eienaar of okkupeerder van 'n erfenishulpbron is nie of om enige ander rede, of wanneer hy deur die erfenishulpbronowerheid verantwoordelik vir die beskerming van sodanige hulpbron geadviseer word dat dit onrealisties of onwenslik is om te vereis dat die resultate van die handeling goedgemaak word, sodanige persoon beveel om aan die erfenishulpbronowerheid 'n bedrag gelyk aan die koste van die regstelling te betaal.

(9) Benewens ander strawwe, indien die eienaar van 'n plek skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet wat die vernietiging of beskadiging van die plek behels, kan die Minister op advies van SAEHA, of die LUR op advies van die provinsiale erfenishulpbronowerheid, 'n bevel wat enige ontwikkeling van sodanige plek, uitgesonderd die goedmaak van die skade en die instandhouding van die kulturele waarde van die plek, verbied vir 'n tydperk wat nie 10 jaar mag oorskry nie en wat in die bevel vermeld word, aan die eienaar beteken.

(10) Alvorens die bevel gegee word, moet die plaaslike owerheid en enige persoon met 'n geregistreerde belang by die grond 'n redelike tydperk gegee word om voorleggings te doen oor die vraag of die bevel gemaak moet word al dan nie en hoe lank dit van krag moet wees.

(11) 'n Bevel van geen ontwikkeling kragtens subartikel (9) word verbind met die grond en is bindend op die eienaar soos op die datum van die bevel, en op enige persoon wat 'n eienaar van die plek word terwyl die bevel van krag is.

(12) Die Minister kan, op advies van SAEHA, 'n bevel van geen ontwikkeling oorweeg en kan so 'n bevel skriftelik wysig of intrek.

(13) In enige geval waar daar vandalisme betrokke is, en wanneer ook al 'n hof dit geskik ag, kan gemeenskapsdiens wat die bewaring van erfenishulpbronne behels, in die plek van of benewens 'n boete of gevangenisstraf opgelê word.

(14) Waar 'n hof 'n persoon skuldig bevind aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet,

kan hy beveel dat 'n voertuig, vaartuig, toerusting of enige ander ding wat gebruik is of andersins betrokke was by die pleeg van die misdryf, aan SAEHA of die betrokke provinsiale erfenishulpbronowerheid, na gelang van die geval, verbeur word.

(15) 'n Voertuig, vaartuig, toerusting of ander ding wat ingevolge subartikel (14) verbeur is, kan verkoop word of daar kan andersins daaroor beskik word na goeddunke van die betrokke erfenishulpbronowerheid.

*Deel 2: Diverse*

**Kennisgewings**

**52.** (1) SAEHA kan, by publikasie van 'n verdere kennisgewing, 'n kennisgewing wat hy in die *Staatskoerant* gepubliseer het, wysig of terugtrek.

(2) 'n Provinsiale erfenishulpbronowerheid kan by publikasie van 'n verdere kennisgewing enige kennisgewing wat hy in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer het, wysig of terugtrek.

(3) SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid kan die wyse voorskryf waarop wetlik afdwingbare eiendomsbeskrywings by kennisgewing in die *Staatskoerant* of in die *Provinsiale Koerant*, na gelang van die geval, gepubliseer word, ingevolge hierdie Wet, insluitende—

(*a*) tegnologiese metodes wat toelaatbaar is in metingsgebiede; en

(*b*) metodes wat gebruik moet word in vergoeding vir metingsfoute.

**Delegering van bevoegdhede van Minister of LUR**

**53.** (1) Die Minister kan enige bevoegdheid, verpligting of funksie wat aan hom of haar toegewys of opgelê is kragtens hierdie Wet aan die Adjunkminister of die ampsbekleër van 'n aangewese amp in die Departement delegeer.

(2) Die Minister kan enige bevoegdheid, plig of funksie wat kragtens hierdie Wet aan hom of haar verleen of opgedra is, aan die bekleër van 'n aangewese pos in die provinsiale departement verantwoordelik vir kultuur delegeer.

**Verordeninge van plaaslike owerhede**

**54.** (1) 'n Plaaslike owerheid kan, met die goedkeuring van die provinsiale erfenishulpbronowerheid, verordeninge uitvaardig—

(*a*) wat die toelating reguleer van die publiek tot enige plek wat ingevolge hierdie Wet beskerm word waartoe die publiek toegelaat word en wat onder sy beheer is, en die gelde wat vir sodanige toelating betaalbaar is;

(*b*) wat die voorwaardes van gebruik reguleer van enige plek wat kragtens hierdie Wet beskerm word wat onder sy beheer is;

(*c*) vir die beskerming en bestuur van 'n beskermde gebied;

(*d*) vir die beskerming en bestuur van plekke in 'n erfenisregister;

(*e*) vir die beskerming en bestuur van erfenisgebiede; en

(*f*) wat aansporings bied vir die bewaring van enige plek wat kragtens hierdie Wet beskerm word binne sy regsgebied.

(2) Enige verordeninge wat ingevolge hierdie artikel uitgevaardig word, kan boetes voorskryf vir enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, van hoogstens 'n bedrag deur die Minister kragtens artikel 51(2) voorgeskryf.

**Beperking van aanspreeklikheid**

**55.** Niemand is aanspreeklik ten opsigte van enigiets wat te goeder trou en sonder nalatigheid ingevolge hierdie Wet gedoen is nie.

**Uitoefening van bevoegdhede buite Republiek**

**56.** (1) 'n Erfenishulpbronowerheid kan erfenisliggame buite die Republiek bystaan en met hulle saamwerk.

(2) Indien daar tussen die Regering van Suid-Afrika en die regering van enige ander staat ooreengekom is, is SAEHA bevoeg om, met die instemming van die Minister, in daardie staat enige funksies te verrig wat 'n erfenishulpbronowerheid in Suid-Afrika sou kon verrig ingevolge hierdie Wet.

(3) Die Minister kan regulasies uitvaardig rakende die toepassing van enige internasionale konvensie, verdrag of ooreenkoms betreffende die beskerming van erfenishulpbronne wat, ooreenkomstig artikels 231 tot 233 van die Grondwet van die

Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), deel van die reg van die Republiek uitmaak.

**Toepaslikheid van provinsiale wetgewing**

**57.** Sonder benadeling van die bepalings van hierdie Wet moet in enige provinsie wat wetgewing vir die instelling van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid en die bestuur van erfenishulpbronne op provinsiale vlak aangeneem het, die bepalings van daardie wetgewing, in soverre dit op provinsiale bevoegdheidsgebiede betrekking het, voorrang geniet bo die gelykwaardige bepalings van hierdie Wet.

**Oorgangsbepalings en gevolglike wysigings**

**58.** (1) Vir doeleindes van hierdie artikel beteken "die vorige Wet" die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969).

(2) Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede ingestel by artikel 2 van die vorige Wet word hierby afgeskaf en al sy bates, regte, laste en verpligtinge gaan oor op SAEHA sonder formele oordrag en sonder betaling van enige regte, belasting, gelde of ander heffings. Die beampte in beheer van die registrasie van aktes moet, by die voorlegging van die titelakte en op aansoek deur die betrokke owerheid, sodanige titelakte endosseer met betrekking tot sodanige oorgang.

(3) 'n Persoon wat in diens van die Raad bedoel in subartikel (2) was, word geag kragtens hierdie Wet aangestel te wees.

(4) Die besoldiging en ander diensvoorwaardes van 'n werknemer beoog in subartikel (3) mag nie minder gunstig wees as die besoldiging en ander diensvoorwaardes waarop daardie werknemer voorheen geregtig was nie.

(5) Indien 'n persoon wat kragtens subartikel (3) aangestel is of geag word aldus aangestel te wees, ontslaan word, kan daardie persoon binne 14 dae na die datum van die kennisgewing van die ontslag, skriftelik teen die ontslag na die Minister appelleer, wat die ontslag kan bekragtig, wysig of tersyde stel.

(6) Die biblioteek van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede word deel van die nasionale erfenishulpbronbiblioteek by artikel 13(2)*(b)* ingestel.

(7) Die komitees ingestel by artikel 3A van die vorige Wet word hierby afgeskaf en al hulle bates, regte, laste en verpligtinge gaan oor op SAEHA sonder formele oordrag en sonder betaling van enige regte, belasting, gelde of ander heffings.

(8) Tensy dit in enige bepaalde geval klaarblyklik onvanpas sal wees, word enige verwysing in enige wet, dokument of register na die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede uitgelê as 'n verwysing na SAEHA en word enige sodanige verwysing na 'n beampte of werknemer van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede uitgelê as 'n verwysing na 'n werknemer van SAEHA wat funksies verrig of bevoegdhede uitoefen soortgelyk aan dié van eersgenoemde beampte of werknemer.

(9) Alle trustfondse waarvoor die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede as trustee opgetree het, insluitende die vir Trustfonds vir Oorlogsgrafte in artikel 9A van die vorige Wet bedoel, gaan op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet oor op SAEHA as deel van die Nasionale Erfenishulpbronnefonds in artikel 40 bedoel, en SAEHA tree op as trustee op dieselfde bepalings en voorwaardes as wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gegeld het.

(10) By die instelling van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid moet reëlings getref word vir die oordrag van die bates, regte, laste en verpligtinge van SAEHA in daardie provinsie aan die provinsiale erfenishulpbronowerheid as wat die Minister en die LUR geskik ag.

(11) Terreine en voorwerpe wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet beskerm is by kennisgewings in die *Staatskoerant* ingevolge die vorige Wet, gaan, behoudens die bepalings van enige provinsiale wetgewing vir die bewaring van erfenishulpbronne en enige ooreenkoms in dié verband, en sonder dat kennisgewings in die *Staatskoerant* gepubliseer hoef te word, voort om beskerm te word ingevolge die volgende bepalings van hierdie Wet:

*(a)* Onroerende nasionale gedenkwaardighede ingevolge artikel 10 van die vorige Wet is provinsiale erfenishulpbronterreine: Met dien verstande dat die provinsiale erfenishulpbronowerheid binne vyf jaar na die inwerkingtreding van hierdie Wet, in oorleg met SAEHA, die belang van daardie terreine evalueer in ooreenstemming met die erfenisevalueringsmaatstawwe in artikel 3(3) uiteengesit en kragtens artikel 7(1) voorgeskryf en SAEHA enige plek wat aan die maatstawwe vir Graad I-status voldoen tot 'n nasionale erfenisterrein verklaar;

(*b*) onroerende eiendomme wat in die register ingevolge artikel 5(1) van die vorige Wet aangeteken is, moet in die erfenisregister vir die provinsie waarin dit geleë is en in die inventaris van die nasionale besit aangeteken word;

(*c*) bewaringsgebiede ingevolge artikel 5(9) van die vorige Wet is erfenisgebiede: Met dien verstande dat waar daar nie vir die beskerming van sodanige gebiede in verordeninge kragtens die vorige Wet of in enige dorps- of streekbeplanningskema voorsiening gemaak is nie—

(i) artikel 31(7)(*a*), (*b*) en (*c*) van hierdie Wet outomaties op sodanige erfenisgebiede van toepassing is; en

(ii) die betrokke plaaslike of ander beplanningsowerheid voorsiening moet maak vir die beskerming van daardie gebied in ooreenstemming met die bepalings van artikel 31 binne drie jaar na die inwerkingtreding van hierdie Wet;

(*d*) voorlopig verklaarde onroerende eiendomme ingevolge artikel 5(1)(*c*) van die vorige Wet word voorlopig beskerm vir die oorblywende tydperk wat in die kennisgewing van voorlopige verklaring vermeld word;

(*e*) nasionale gedenktuine ingevolge artikel 9C van die vorige Wet is provinsiale erfenisterreine;

(*f*) kultuurskatte ingevolge artikel 5(*c*) en roerende nasionale gedenkwaardighede ingevolge artikel 10 van die vorige Wet is erfenisvoorwerpe.

(12) 'n Kennisgewing kragtens artikel 10(3)(*a*) of 5(5)(*b*) van die vorige Wet wat binne ses maande voor die inwerkingtreding van hierdie Wet beteken is, word geag 'n kennisgewing te wees wat deur 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid ingevolge artikel 27(8) of artikel 29(1) of (2), na gelang van die geval, van hierdie Wet beteken is.

(13) 'n Permit uitgereik kragtens die vorige Wet, word geag 'n permit te wees wat deur die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid kragtens die tersaaklike artikel van hierdie Wet uitgereik is.

**Regulasies**

**59.** Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* regulasies uitvaardig met betrekking tot—

(*a*) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;

(*b*) enige ander aangeleentheid wat nodig of dienstig is om die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

**Herroeping**

**60.** Die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), en artikel 41(2) van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989), word hierby herroep.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**61.** Hierdie Wet heet die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

# BYLAE

## STRAWWE VIR WET OP NASIONALE ERFENISHULPBRONNE

(Artikel 51)

1. 'n Boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of beide sodanige boete en gevangenisstraf.
2. 'n Boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of beide sodanige boete en gevangenisstraf.
3. 'n Boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of beide sodanige boete en gevangenisstraf.
4. 'n Boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of beide sodanige boete en gevangenisstraf.
5. 'n Boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of beide sodanige boete en gevangenisstraf.
6. 'n Boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of beide sodanige boete en gevangenisstraf.